

JOU ERFDEEL

*Die besbewaarde geheim
in die wêreld.*

Vertaling vanuit Engels na Afrikaans:

“Your Inheritance: The Best Kept Secret in the World.”

gepubliseer deur:

***“Sacret Truth Ministries”,
P.O. Box 18, Mountain City, TN 37683,
USA***

Vertaal, gedruk en uitgegee deur:

***Dogter van Sion
Posbus 1130, Hartbeespoort, 0216***

TEL: (012) 3762999

FAKS: (012) 3762983

INHOUDSOPGAWE

HOOFSUK 1	Inleiding	5
HOOFSUK 2	Oorsig van die Geskiedenis	12
HOOFSUK 3	Jou Erfenis	17
HOOFSUK 4	Historiese Getuienisse	19
HOOFSUK 5	Die Oorspronklike Grieke	32
HOOFSUK 6	Verwarring	37
HOOFSUK 7	Bybelse Getuienis	43
HOOFSUK 8	Simbole van IsraEl	60
HOOFSUK 9	Nasionale Getuienisse	77
HOOFSUK 10	Verenigde Koninkryk	83
HOOFSUK 11	Skandinawië	111
HOOFSUK 12	Verskeie ander lande	123
HOOFSUK 13	Finale woord oor Ras	148
HOOFSUK 14	Bekende Getuies	150
HOOFSUK 15	Eis u Erfenis op	176
HOOFSUK 16	Naskrif	184
HOOFSUK 17	Bylaes	186

HOOFSTUK 1

INLEIDING.

Veronderstel jy erf iets groots?

As jy en jou familie 'n erfenis van R1,000 000 nagelaat is deur 'n onbekende familielid, sou jy graag daarvan wou weet? Wat as jou erfenis ook 'n koninklike een is? Wat daarvan as jy die erfgenaam van 'n koninklike troon is? Sou jy hiervan wou weet en sou jy jou regmatige erfdeel en koningskap wou opeis?

Wat sou jou reaksie gewees het as 'n groep van nie-familielede (en dalk ook nog familielede) saamgespan het om jou in die duister te hou aangaande jou erfdeel, sodat hulle dit kon steel vir hulleself deurdat hulle die oorspronklike feitlike dokumente vir jou en die publiek versteek en deurdat hulle valse en foutiewe dokumente geproduseer het waarmee hulle die oorspronklike dokumente vervang het? Hoe sou dit jou laat voel? Sou jy ontsteld wees? Sou jy die waarheid wou uitvind ... die rekord regstel vir almal om te weet ... en dan jou regmatige erfdeel eis?

Hierdie klink na 'n dom vraag. Watter regdenkende persoon sou nie hierdie erfdeel wou gehad het nie - veral as dit so 'n merkwaardige en edele erfdeel is nie? Watter regdenkende mens sou nie vir almal in sy familie (en die ganse wêreld) wou inlig van sy edele status, sy familie prestige nie - verder, sou hy nie hierdie kriminele daad van daardie wat probeer het om sy erfenis te steel en vir hulleself te hou, aan die kaak wou stel nie? Watter persoon sou nie graag die rekord reggestel wou gehad het nie? Watter mens sou nie die kriminele wou laat boet vir hulle daad nie?

Alhoewel hierdie soos 'n mal episode van een of ander televisie-sepie klink, die feit is, jy mag wél die erfgenaam wees van 'n erfdeel wat baie meer werd is as R1,000 000. Die feit van die saak is dat jou erfdeel 'n **edele Monargie**, 'n Koninklike Troon en Koninkryk insluit. Tragies genoeg, is daar 'n groep mense wat saamgesweer het om hierdie kennis aangaande jou erfdeel van jouself en die publiek te weerhou. **Daar is** in werklikheid selfs van jou familielede wat mislei is om saam met hierdie diewe en geestelike kwaksalwers, jou familie te diskrediteer en die feite van jou familie se erfdeel te versteek.

Ek beseft dat hierdie redenasie vir jou absurd of selfs neuroties mag klink, maar bly met my vir 'n kort tyd en lees hierdie boek met 'n oop gemoed, sodat jy die ware feite dalk vir die eerste keer in jou lewe vir jouself kan sien, sodat jy self vry kan wees om 'n intelligente besluit te maak, gebaseer op ware feite. Jy mag jou erfdeel aanvaar, maar jy het nog steeds die reg om dit wetend van die hand te wys. Maar asseblief! Maak jou besluite gebaseer op feite! Nie op die leuens van die verlede nie! Nie op mediavoroordeel en partydigheid nie! Nie op feitlose gevoel nie! Nie op wat beskou word as sosiaal of polities korrek nie! Nie gebaseer op sogenaamde humanisme en sosialisme nie! Nie gebaseer op moderne fabels en mites wat die waarheid vervang het nie - **maar gebaseer op feite** ... die eenvoudige feite! Dit is jōu erfdeel. Jy het die reg om dit te verwerp, maar net wanneer jy ingelig is, kan jy dit wetend verwerp. Aan die anderkant, sonder al die feite, kan jy dit ook nie ten volle eis nie.

Jy mag nou vra: *“So, wat is hierdie erfenis en watter magte het saamgesweer om dit geheim te hou sodat hulle dit kon steel vir hulleself?”*

Voordat ons egter hierdie vraag kan beantwoord, vergun my egter om aan jou nog 'n paar vrae te stel:

As jy en jou familie 'n nalatenskap van R1,000 000 deur 'n onbekende familielid nagelaat is, en as jy die erfgenaam van 'n troon is, dink jy nie dat jy graag 'n bietjie meer familienavorsing wou doen deur meer uit te vind oor hierdie vrygewige familielid van jou nie? Sou jy nie graag meer wou leer omtrent die geskiedenis van hierdie edele en koninklike voorsate nie? Sou jy hierdie erfdeel ontvang wat jou lewe sou verander? Ten slotte: Sou jy enige begeerte hê om te leef volgens die eenvoudige maar hoë morele vereistes neergelê in die terme van jou erfenis? Asseblief, dink mooi hieroor.

Laat ons die verhoog opstel.

Reg deur dié boek, sal ons oor die Bybel en die geskiedenis gesels. Omdat baie mense negatief ingestel is oor die Bybel en geloof, laat my toe om elke leser aan te moedig om hierdie boek klaar te lees niteenstaande dit wat jy aangaande die Bybel en *“geloof”* voel. Baie mense het 'n bitter smaak in die mond oor geloofsake en met reg ook. Die oorgrote meerderheid van die hoofstroom godsdienstige bewegings is deel van hierdie sameswering¹ om die waarheid te verberg (wetend of onwetend); en in sekere sleutelareas het hulle Elohim se Woord valslik oorgedra. Dit is waarom so baie mense afgesit voel van die ware Bybel.² Verder profeteer die Skrif duidelik dat hierdie blinde en

¹ Jeremia 11:9; 50:6; Eségiël 22:5; Matthéüs 15:4.

² Soos wat die gemeenskap die Bybel verwerp het, so het die morele waardes ineengestort. Kriminaliteit en onreg het die hoogste ingeskiet op alle terreine, sodat ons geweldig daaronder begin ly het.

bose predikers die kerke van Elohim leeg sal maak deurdat hulle die meeste mense van Elohim se Woord verwyder het deur hulle onskriftuurlike, valse en selfgesentreerde leringe en deur hulle gierigheid, onkunde en luiheid.³ Hierdie is een van die hoofredes waarom kerkbywoning so drasties afgeneem het in Amerika.

In werklikheid is die meeste mense nie afgesit van **die Bybel** nie, maar afgesit van 'n Bybel wat verkeerd aangebied is. Die Skrif profeteer ook dat baie van hierdie valse predikers vir die hoogste bod⁴ sal preek. Dit is dat hulle nie die waarheid sal predik nie, maar dat hulle sal predik vir geld - ongeag of dit waar is of nie - ongeag die skade wat hulle met hulle leuens kan aanrig. Dit is waarom so baie mense negatief oor die **ware geloof** en die Bybel is.

By wyse van 'n eenvoudige illustrasie: Jy gaan na 'n bekende restaurant, maar sonder jou kennis is die wettige personeel vasgebind en versteek in 'n kamer en jy word bedien deur 'n bende bandiete wat voorgee dat hulle die restaurant se ware werknemers is. Verder dra hulle nog die kelner-uniforms! Hierdie persone is vuil, stinkend, onnet, onhandig, onbevoeg, ongeskik en sleg gemanierd. Hulle bedien jou swak kwaliteit kos wat bestaan uit insekbesmette vermorsde inhoud wat nog morsig voorberei is! Jou verontwaardiging sal dan geregverdig wees, maar sonder jou kennis van die omskakeling van personeel sou jy uit die aard van die saak verontwaardig gewees het teen die verkeerde mense. Die persepsie sou wees dat dit die ware eienskappe van hierdie restaurant is. Hierdie persepsie van jou sal nie net onregverdig wees nie, maar ook onrealisties en vals.

Omdat jy 'n persoon van integriteit is, sou jy nie hierdie verkeerde wou regmaak nie? Sou jy nie wou geweet het van hierdie verskriklike omskakeling nie? Sou jy nie hierdie kriminele wou laat straf nie? Sou jy nie graag die lekker maaltyd wou geniet nie? Sou jy nie graag hierdie goeie restaurant wou aanbeveel by jou familie en vriende en daardeur die hoogstaande reputasie van hierdie restaurant verder uitbrei nie? Is dit nie 'n tragiese skande dat jy 'n pragtige maaltyd gemis het deurdat kriminele 'n wanvoorstelling gemaak het en dit aan jou opgedring het nie? Is dit nie nog 'n groter skande dat jy moes gaan sit en vergiftig word en sleg behandel word met geen ander uitweg as om passiewelik hierdie toestand te aanvaar as "*dit is maar hoe dinge gaan*" nie?

Só 'n kriminele daad is teenoor jou gepleeg sonder dat jy daarvan kennis dra. Dit is hoe die Bybel verkeerd aangebied is. Dit is ook hoe wêreldgeskiedenis wanvoorgestel is - sodoende is jou ware en glorieryke erfenis, sowel as jou voorvaderlike familiegeskiedenis van jou weerhou. Dit is hoe jy vergiftig en

3 Jesaja 56:10,11; Jeremia 10:21; 12:10,11 (Jesaja 5:7).
4 Miga 3:10,11.

sleg behandel is en geforseer was om sulke skurkagtige en immorele behandeling te aanvaar. Omdat jy en die algemene publiek bestaan binne die mite wat iemand anders geskep het om jou in onkunde te hou, is jou status (in jou eie verstand) in jou daaglikse lewe en in die oë van ander gereduseer tot dié van 'n huurling - 'n trekarbeider met geen regte en respek nie. Jy is moedswillig vertel dat jy dankbaar moet wees vir die bietjie wat jy toegelaat is om te hê, want jy verdien niks. Terwyl jy in werklikheid die een is met edele bloed wat verdien om bedien te word deur die ondankbare persone wat jou verslaaf het. (Hierdie toestand laat 'n mens onwillekeurig dink aan die feëverhaal van Aspoestertjie.) Jou bestaan is dus gehul in smart en voorvaderlike armoede waar jy in werklikheid kon lewe binne die seëninge en aansien van jou werklike erfdeel. Dit is hoe jy bestee is deur die moderne wêreld se kriminele wanvoorstelling van die Bybel en die geskiedenis. Laat my toe om hierdie kriminele daad voor te stel.

Die belangrikheid van Geskiedenis.

Min mense besef die belangrike korrelasie tussen die Bybel en die geskiedenis. Die Bybel is vol van die vervloeë geskiedenis van Elohim se volk en verder is die Bybel vol van profesieë aangaande die toekomstige geskiedenis en glorie van Elohim se volk. Neem kennis: As geskiedenis nie bestudeer word nie, is daar geen manier om te weet of hierdie profesieë vervul is, hoe hulle vervul is en deur wie hulle vervul is nie - daar is geen manier om verseker te weet wie Elohim se volk in werklikheid is nie (en wie hulle altyd was nie). Met tyd word sekere basiese feite en elemente van die waarheid in hetsy geskiedenis of moraliteit "*geherdefinieer*". Verder word woorde baie verander. Alhoewel die woorde bly bestaan, word die moderne betekenis drasties verander.⁵

Dit is spesifiek waar ten opsigte van name. Deurdat Derde-wêreldse nasies in hulle massas migreer het na die Weste, het name van geografiese areas en nasionaliteite nie meer dieselfde betekenis in die gemeenskap as wat hulle in die verlede gehad het nie.⁶

5 Byvoorbeeld, "*gay*" beteken nie meer iemand wat gelukkig is nie, maar 'n homoseksueel; 'n "*jaggot*" is nie meer 'n bondel stokkies of 'n sigaret nie, maar 'n homoseksueel; "*queer*" is nie meer iets wat misterieus of snaaks is nie, maar 'n homoseksueel. Die woorde "*a fruit*" en "*a queen*" word nog algemeen met hulle oorspronklike betekenis gebruik, maar kan nog steeds verwys na 'n homoseksueel. Alhoewel hierdie woorde eens op 'n tyd betekenis gehad het wat slegs dit beteken het, is dit so dat die gemiddelde, ordentlike persoon vandag glad nie daarvan sal hou dat enige van hierdie woorde met betrekking tot homself gebruik word nie.

6 Byvoorbeeld: 'n "*Amerikaner*" het altyd 'n persoon van blanke Europese afkoms beteken en so ook die benaming "*Engelsman*" of "*Europeër*". Dit is egter nie meer die geval nie. Die woorde "*Babel*" en "*Babilon*" beteken "*verwarring deur vermenging*". Woorde, name, etikette en volke word maklik verwar deur vermenging. Selfs die woord "*Christen*" verwys nie meer na wat 'n ware Christen is nie, maar beteken nou dit wat die kerk voorstaan deurdat die kerk sy ware erfenis verbaster het. Deesdae sal mense wat nie eers vir Elohim ken nie, soos byvoorbeeld die "*Moonies*" en ander kultusse, hulle self as Christene beskou. Maar Elohim self hou die patent - en kopiereg tot die waarheid. Hy het die ware definisie van al die dinge wat Hy geskape het geformeer, hetsy die sondige mens dit wil aanvaar en hierdie ware definisies wil uitleef, aldan nie. Dit verander geensins die ware betekenis van Elohim se Woorde nie.

Wat hierdie verwarring van woorde nog verder bemoeilik, is die taalversperring in die Bybel en in die geskiedenis - meer nog die opvoedkundige oorlog wat nou teen ons losgelaat is: Mense word nie meer die belangrikheid van geskiedenis in hulle daaglikse wandel geleer nie⁷, maar hulle word slegs geleer dit wat in die moderne lewe aanvaar word as “*relevant*”⁸.

Net soos wat ‘n restaurant buite voor sy deur ‘n advertensie het wat aankondig: “*Sop van die dag*” of soos ‘n vismark ‘n advertensie het: “*Vangs van die dag*”, is dit deesdae so dat ons skole, biblioteke, media, regering en kerke ‘n ongeskrewe teken het wat as volg lui: “*Waarheid van die Dag*” - afhange wat die huidige trant of behoefte is van hulle wat die sosiale norm of politieke korrektheid dikteer.

Helaas, die Waarheid verander nooit!

Lukas 21:33: “*Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar My woorde sal nooit verbygaan nie.*”

As ‘n mens verkies om eerder die mens te glo in plaas van die Almagtige Elohim, sal jy baie maklik verwar en mislei kan word en selfs seergemaak word. Kom ons kyk na die volgende analogie:

Verbeel jou ‘n kind wat hier in Amerika grootword, kom by die dieretuin en die Zebra was in die Tier se hok en die Tier was in die Zebra se hok - maar die naamplate van die diere was nooit omgeruil nie? Albei diere het vier bene, ‘n stert en strepe. As die kind grootgemaak word om te dink dat die Tier ‘n Zebra is en omgekeerd, sal hy ‘n redelike verwronge idee hê van die realiteit, maar hy sal dit nooit weet nie. Hierin kan ook groot gevaar vir hom skuil. As hy iewers in ‘n woordeboek gelees het dat ‘n Zebra ‘n dier is wat makgemaak en gery kan word soos ‘n perd en hy probeer om dit te doen met die Tier, is hy in groot gevaar.

Sulke voorbeelde mag miskien vir jou absurd klink; maar die doel is om die leser ‘n helder prentjie te gee aangaande hoe die kennis van dinge drasties kan verander asook die inherente gevare verbonde aan hierdie drastiese veranderinge.

Die enigste geneesmiddel vir sulke misleiding en potensiële gevaar, is dat ‘n persoon self navorsing van sy eie moet doen en dat hy ouer en meer betroubare boeke sal gebruik. Sulke boeke (in ons bogaande analogie) sal in besonderhede verduidelik hoe om tussen verskillende diere te onderskei deur na hulle karaktertrekke te kyk. Daar sal met goeie foto’s gewys word presies

7 Eerder word hulle aangepor om dit te vergeet - tot ons nadeel. George Santayana, die Spaans-Amerikaanse filosoof, het as volg gewaarsku: “*Diegene wat nie wil leer uit die geskiedenis nie, is gedoem om die geskiedenis te herhaal.*”

8 En dit is, wat aanvaar word as relevant deur daardie spesiale belangegroepes wat hulle eie agenda het en wat besluit dat wat hulle dink, is wat jy behoort te weet en te glo.

hoe elkeen van hierdie diere werklik lyk. Moderner boeke sal van geen nut wees nie, aangesien hulle slegs die moderne denke en idees verteenwoordig (ongeag of dit feitlik is aldan nie).

Voordat iemand die noodsaaklikheid kan insien vir sulke navorsing en persoonlike studie, is dit belangrik dat so 'n persoon moet beseft dat hy gruwelik mislei is. Dit is die sleutel tot die deur van vryheid - en dit is 'n baie moeilike sleutel om te bekom. Om mislei te wees beteken dat jy nie daarvan bewus is dat jy mislei is nie. Die onvolwasse en dwase antwoord is maar te algemeen: *“Dit is nie moontlik dat ek mislei is nie; as ek mislei was, sou ek dit geweet het.”*

Dit is dus noodsaaklik dat so 'n persoon 'n *“Aha!-ervaring”* moet ondergaan. Dus moet so 'n verblinde persoon van buite af losgeskud word van sy vooropgestelde persepsies. Dit is die doel van hierdie boek om die werklike misleiding onder die aandag van die leser te bring, sodat hy dit kan opvolg met verdere studie van sy eie, indien die getuigenis van hierdie boek hom sodanig motiveer. Thomas Carlyle het eendag gesê: *“Die beste effek wat 'n boek kan hê, is dat dit die leser opwek tot self-studie.”* Dit is die hoogste vlak van selfrespek, volwassenheid en intellek: om nie alles blindelings as waarheid te aanvaar wat enigiemand jou meedeel nie, ongeag wie hulle is: nie die media nie, nie jou predikant, onderwyser, politikus, prokureur, vriende, dokters, familieleden nie, *nie eers die skrywer van hierdie boek nie!* Die Bybel bevestig hierdie benadering: Ons moet alle dinge bewys en self navorsing doen.⁹

Shakespeare het gesê: *“n Roos met enige ander naam ruik nog altyd net so aangenaam.”* Feit van die saak is, 'n naamsverandering verander nie die artikel nie. Dinge bly wat hulle is, ongeag wat ons besluit om hierdie dinge te noem. Ongelukkig is die gemiddelde persoon (weens sy luiheid) regtig baie naïef en word maklik om die bos gelei met sulke naamveranderings. Mense is gou om jou te spot omdat jy 'n blinde geloof het in *“n Elohim wat jy nie kan sien nie,”* maar hierdie einste mense plaas hulle geloof in mense wat hulle nog nooit gesien of ontmoet het nie en van wie hulle niks weet nie. Male sonder tal, plaas die gemiddelde persoon sy blindelinge geloof in 'n dokter, 'n prokureur, 'n onderwyser, 'n pastoor, 'n berader, 'n apteker, 'n loods, 'n voedselverpakker, 'n kok, 'n motorwerktuigkundige, ensovoorts, ensovoorts — sonder om eenkeer navraag te doen oor die persoon se kwalifikasies en waar hy gekwalifiseer is, wat sy slaagsimbole was, of hy emosioneel gebalanseerd is, ensovoorts, ensovoorts. Die gemiddelde persoon vertrou omtrent elke persoon wat hy ontmoet, sonder dat hy enigiets omtrent die persoon weet, omdat daar 'n illusie geskep is van 'n professionele omgewing. Vertroue is

9 Handeling 17:11.

belangrik, maar GELOOF moet gefundeer wees op feite!

Wat sou gebeur as die apteker skielik die etikette van die medisyne op sy rak sou verander? As hy die medisyne sou rondskommel? Jy is dalk dodelik allergies vir iets en kry dit in terwyl jy in werklikheid iets anders bestel het!

Dink net watter verwarring sal dit wees as die geskiedenisboeke op so 'n bese manier wanvoorgestel word; as 'n sekere groep persone verwar word met 'n ander groep? Wat daarvan as 'n volk verwar word met 'n ander? As die persone wat vandag in beheer is van jou en my, nie is wat ek en jy geleer is om te glo wie hulle is nie? Wees verseker dat hulle wat die oorspronklike inisierders van die leuens en verwarring was, baie finansiële voordeel trek uit hierdie toestand van sake. Ook sal hulle nie ligtelik te werk gaan met hulle wat hierdie leuens wil ontbloot nie. Hulle sal dalk so 'n persoon wil stilmaak. Sulke booshede gebeur daagliks. Die selfaangestelde “base” hou nie van ander mense wat kom om “hulle slawe” vry te stel nie.¹¹

Elohim verklaar in Sy Woord: “My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis.” JaHWèshua verklaar ook: “Julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.”¹² Word die gemiddelde persoon in die gemiddelde kerk en die gemiddelde skool geleer om werklik vry te lewe, of word hy geleer om binne die sisteem (ongeag of die sisteem reg of verkeerd is) te lewe? Word hulle Elohim se onverganklike Wet verkondig wat die enigste voorvereiste is vir ware vryheid, of word hulle menseregte geleer waarin hulle in die proses vertel word dat Elohim se Wette nie meer van toepassing is nie? “Base” het nie die gewoonte om hulle slawe te leer hoe om vry te wees nie, intendeel, hulle leer slegs die slawe hoe om slawe te bly.

Dit is my hoop en gebed dat hierdie boek aangewend sal word in jou lewe om hierdie bese siklus te breek, om aan jou te openbaar wat verborge is, om waarheid en kennis te voorsien sodat jy gelukkig, vry en voorspoedig kan lewe met al die seëninge van jou erfenis. Lees verder oor die waarheid van die geskiedenis van die Bybel wat verborge, vervals, verdraai en wanvoorgestel is.

10 —
11 Handeling 16:16.
12 Hosea 4:6; Johannes 8:32.

HOOFSTUK 2

‘n Oorsig van die Geskiedenis soos dit werklik plaasgevind het.

Die Bybel praat van ‘n man met die naam van Esau, wat ‘n onedele mens was, wat sy erfenis verag en verwerp het en eerder verkies het om deur middel van ‘n huwelik, die minderwaardige en veragtelike erfenis te ontvang van ‘n sedelose, verbasterde en bose volk, naamlik die Kanaäniete.¹³ Onmiddellik het die Hebreuse bloedlyn, wat deur Esau self ingebring is in sy Kanaänitiese skoonfamilie, geheel-en-al spoorloos verdwyn - op dieselfde wyse as wat ‘n vuurhoutjie se vlam op ‘n stormagtige nag in die oseaan sal verdwyn. Esau se basterkinders het bekend geword as die **Edomiete** en Amalekiete - die ergste vyande van Elohim se volk.

Hulle het egter beseft wat die omvang is van die wonderlike erfenis wat Esau verwerp het¹⁴ en het hulle voorgeneem om dit op elke moontlike wyse vir hulself toe te eien. Die Bybel vertel van die sameswering van hierdie bose volk om die erfdeel van Elohim se volk te steel.¹⁵ Hulle het egter die land Israel bewoon en hul voornemens om die land as hul eie op te eis onbeskaamd bekend gemaak.¹⁶

Onthou dat hierdie kennis, alhoewel uitstekend verbloem vir Jan Publiek (wat geleer word om nie na te dink oor waarheid en leuen nie) wel maklik tot beskikking is van diegene wat moeite doen om te soek. Ongelukkig word die meeste mense gekondisioneer om nie vir hulself te dink nie en boonop word die sogenaamde “vrydenkers” gewoonlik verwerp. Die ware feite word van die mense weerhou aangesien geskiedenis oorgeskryf en vervals word, ou boeke uit biblioteke verdwyn en boekwinkels nie meer boeke aanhou wat nie in die voetspore van die populêre denke volg nie. Selfs die Bybel is as gevolg van verkeerde vertolkings “oorgeskryf”, sodat baie mense ‘n teësin in die Bybel ontwikkel het omdat hulle van nature teen valse leringe is, sonder dat hulle eers beseft hoekom. Dit is omdat die Hemelse Vader belowe het dat Hy Sy onderskeidende Woord en Gees in Sy volk se binneste sal plaas om hulle daardeur te lei.

Die vryheid van die pers, van spraak en van godsdiens bestaan slegs in teorie

13 Hulle bestaan vandag nog, want daar bestaan profesieë teen hulle - een daarvan is die boek **Obadja**.
14 Hy kon dit nie herroep nie (**Hebreërs 12:17**).
15 **Psalm 83:2-8, Eségiël 36:5, Matthëus 21:38**.
16 **Eségiël 11:15**.

as 'n verhelderende droom; in werklikheid bestaan dit nie meer nie, net soos die reg op 'n regverdige verhoor nie meer bestaan nie. “Regverdige” verhoore word alleenlik gereserveer vir diegene wat 'n “regverdige verhoor” kan “bekostig”. Dit werk nêr so met die vryheid van die pers, spraak en godsdienst - die wat mag en geld het, dikteer waaroor ons vry is om te praat, te dink en in te glo. Diegene wat nie met 'n kniebuiging inval by dit wat hedendaags as “politiek korrek” beskou word om te sê, te skryf of te glo nie, kom op die swartlys, word uitgedoof en selfs van die “mark” af gedwing deur vervolging. In die praktyk is sulke mense wat die waarheid bekend maak, vry om te praat, te skryf of te glo wat hulle wil - solank iemand hulle net nie hoor nie. Die wurggreep op die media, onderwys, ekonomie en politiek, verhoed effektiwielik nege-en-negentig persent van die uitvoering van hierdie vryhede. Indien dit wel sou gebeur dat 'n individu daarin slaag om hierdie regte te implimenteer gedurende die orige een persent van die tyd, word hy gewoonlik vervolgd onder ander voorwendsels.

Die leser moet asseblief daarop let dat ek tot dusver gepraat het in die vorm van gelykenisse of analogieë en met weinig verduidelikings. Menige leser sou waarskynlik nie die volle betekenis gesnap het nie. Soos wat die boek vorder, behoort dit aan die lig te kom.

Kom ons begin by die begin.

In die eerste boek van die Bybel word vermeld dat Elohim die eerste **mens** Adam geformeer het en dat die Bybel uitsluitlik die geskiedenisboek van die volk van Adam is.¹⁷ Maar wie was hierdie mens wat deur Elohim geskep is? Die Hebreeuse woord vir “mens” wat na Adam en sy nageslag verwys, is dieselfde woord, naamlik “Adam” en beteken eintlik “Adamitiese mens” of “Adamitiese ras”. In Hebreeus beteken die woorde “Adam” en “mens” - “om bloed in die gesig te vertoon, om mooi, blond of lig te wees, om rooierig te wees, om te kan bloos.” Tensy 'n mens aan die onbybelse evolusieteorie glo, moet jy erken dat volke wat nie aan hierdie beskrywing voldoen nie, nie afstammeling van Adam is nie. Die Hemelse Vader sê dat alle vlees nie dieselfde vlees is nie.¹⁸ Die natuur self roep al vir sesduisend jaar na hierdie groot waarheid vanuit die innerlike van beskaafde mense. Ongelukkig is die gemiddelde mens gretig om tot 'n redelike mate die bose teorie van evolusie en die praktyk van sosialisme te aanvaar, want hulle het of geen begrip van Elohim se Woord en Plan nie, of hulle weier om dit te aanvaar.

Dit wil voorkom asof die meeste mense deeglik geïndoktrineer is deur die

17 Génesis 1:26-28; 2:7; 5:1.
18 1 Korintiërs 15:39.

wêreld se on-Bybelse leringe en beheer word deur die foutiewe opiniesamestellings en misleide emosies wat die gevolg is van valse lering. Dit is geneties onmoontlik dat alle rasse uit Adam kon ontstaan en dit is 'n onmoontlikheid wat deur 'n Raadsbesluit van Elohim Self ingestel is. Hy maak dit bekend in Sy onveranderlike Wet van *“alles volgens hulle soorte”*, wat tien keer in die eerste hoofstuk van Génesis genoem word. Daar is ook oorvloedige bewyse in die Skrif om dit te ondersteun.

Elohim het aan die mens 'n keuse gegee, maar die mens het verkies om sy eie kop te volg. Gevolglik kom daar 'n tyd in die lewe van elke afstammeling van Adam dat hy sal moet kies tussen Elohim se pad (wat na sukses en lewe lei) of sy eie pad (wat ellende, vernietiging en dood tot gevolg het). Elohim sê in **Spreuke 14:12**: *“Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood.”*

Daar loop dus vanaf Adam 'n uitverkore genelyn: daardie genelyn wat verkies het om Elohim in geregtigheid te volg. In die Bybel is die herkoms van hierdie regverdige Adamitiese saadlyn opgeteken, aan wie die beloftes ook toekom. Hierdie bloedlyn begin by Adam se seun Set.¹⁹ Baie geslagte later het almal behalwe een uit hierdie genelyn ook weer afvallig geword. Die enkeling uit die nageslag van Set wat getrou aan Elohim gebly het, was Noag.²⁰ Elohim het Noag en sy familie, asook 'n verteenwoordigende paar van elk van Sy oorspronklike skepping bewaar, maar die res van die aarde in 'n vloed vernietig. Sem was Noag se seun wat toe deur Elohim gekies is om die uitverkore genelyn daar te stel. Sem se nageslag het bekend geword as die Semiete. Die volgende belangrike genelyn word gevind in Heber, wie se nageslag bekend staan as die Hebreërs. Geslagte later het die meerderheid van hierdie genelyn ook weer afvallig geword, maar Elohim het een man gekies, naamlik Abram.²¹

Die verkiesing van Abraham verteenwoordig 'n baie spesiale gebeurtenis in die geskiedenis van Elohim se volk. Ten spyte van hulle geneigdheid om af te dwaal en goddeloos te leef soos die ander volke, was dit in daardie tyd dat Elohim 'n Verbond met Sy volk gesluit het. Hy het nie slegs belowe om hulle **nooit** te verlaat nie, maar ook dat Hy **nooit** 'n ander volk sal kies nie. Daarby het Hy ook ongelooflike seëninge vir Sy volk belowe. Sommige van hierdie seëninge was voorwaardelik verbind aan hul morele lewensstyl, maar baie seëninge was onvoorwaardelik en onafskeidbaar van die eie karakter van Sy

19 **Génesis 5:3.**

20 **Génesis 6:5-9.**

21 Wie se naam Elohim later verander het na *“Abraham”*. Let daarop dat Abraham nie 'n Jood was nie - hy was nie eers 'n IsraEliet nie. Abraham was die oupa van Jakob, wat die eerste IsraEliet was en die oupa-grootjie van Juda, wat die eerste Judeër was (waarna verkeerdelik verwys word as *“Jood”*). Om Abraham 'n IsraEliet te noem, is soos om Dr. H.F. Verwoerd 'n Engelsman te noem.

volk, aangesien Elohim Self hul genesamestelling bewerk het en hulle geseën het om voorspoedig te wees en hul Skepper en Meester te verheerlik deur hul aanbidding en onvermydelike suksesse.

Die **hoofskap** van hierdie Verbond het oorgegaan na Abraham se seun Isak: **“die seun van die belofte” na wie die uitverkore genelynhulself eendag sou noem. Isak** het dus die Beloofde **Vestiger van die Verbond** en die genelynhul geword. Isak het twee seuns gehad, naamlik Esau en Jakob. Esau se boosheid en sy veragting en verwerping van sy erfenis, het hom gediskwalifiseer vir die Verbond. **Jakob het toe die Patriargale Hoof van die Verbond** en die genelynhul geword. Elohim het later Jakob se naam verander na *“IsraEl”*, wat beteken *“hy wat as prins saam met Elohim suksesvol oor die mens regeer”*. Jakob het twaalf seuns gehad, wat later die Twaalf Stamme van IsraEl geword het.

Na baie jare het IsraEl geweldig vermeerder en in Moses se tyd het hulle die eerste geskrewe kopie van die Wet ontvang - dié Wet wat die uitverkore genelynhul reeds vanaf die skepping geken en nagekom het. Die volk het nou formeel in die **huwelikhul getree met die Almagtige Elohim, hul aandeel in die Verbond aanvaar en ‘n Gelofte gedoen om die Wet na te kom**. Elohim het ook vir Sy volk ‘n spesiale Naam gegee waarmee hulle Hom kon noem, die Verbondsnaam - JaHWeH.

Die geskiedenis verhaal dat IsraEl dikwels ver afgedwaal het van die Verbond van die Wet. Sommige het selfs vermeng met die volke van die land en deel gehad aan hul booshede. So is hul heilige saad verderf en gediskwalifiseer.²² Elohim het egter getrou gebly en altyd vergewe. Een van die voorwaardes van die Verbond was egter gehoorsaamheid aan die Wet en indien hulle sou volhard in hul sonde, sou Hy hul vyande gebruik om hulle te tugtig.²³

IsraEl se sonde het egter ‘n punt bereik waar Elohim nie verder Sy oordeel kon weerhou nie. Na die dood van koning Salomo in ongeveer 931 v.M. is die koninkryk in twee verdeel. Die tien noordelike stamme het bekend geword as die **Huis van IsraEl**²⁴, met Samaria as hoofstad, gestig deur koning Omri. Die twee suidelike stamme het bekend geword as die **Huis van Juda**²⁵, met Jerusalem as hoofstad. Teen ongeveer **721 v.M.** is die noordelike tien stamme van die Huis van IsraEl (tesame met ‘n gedeelte van die huis van Juda) in

22 Verwarring en onsuiverheid as gevolg van vermenging, verbastering, hoereerdery, ensovoorts - **Deuteronomium 23:2**.
23 **Levitikus 26; Deuteronomium 28; 2 Samuel 7**.
24 Dit behels die stamme van Reuben, Simeon, Levi, Sebulon, Issaskar, Dan, Gad, Assur, Naftali en Josef. Die stam van Josef was verdeel tussen Josef se kinders Efraim en Manasse. Efraim het die vernaaamste leier van die Huis van IsraEl geword en daarom word daar soms na die Huis van IsraEl verwys as *“Efraim”*.
25 Bestaande uit die stam van Juda (waarvan ‘n gedeelte na verwys word as die Huis van Dawid) en die stam van Benjamin.

ballingskap na Assirië geneem. Die twee suidelike stamme van die Huis van Juda is ongeveer **135 jaar later** in ballingskap na Babilon weggevoer. **Die totale bevolkingstal van IsraEl was op daardie stadium ongeveer dertien miljoen, maar van die ongeveer elf miljoen mense van die Huis van Isra-El wat na Assirië geneem is, het geeneen ooit weer na IsraEl teruggekeer nie. Van die ongeveer twee miljoen mense van die Huis van Juda het ongeveer veertig duisend (2%) sewentig jaar later na IsraEl teruggekeer.**

Wat het dus gebeur met hierdie groot massa mense wat die wêreld vir so lank gedomineer het, wat die middelpunt van Bybelse aandag was, wat Elohim se eie volk was, die appel van Sy Oog, die volk wat Hy beloof het om nooit te verlaat nie? Wat het met 99.75% van die kinders van IsraEl gebeur?

Die befaamde historikus **Flavius Josephus** vermeld die volgende aangaande die kinders van IsraEl in ballingskap:

“die hele volk van IsraEl het in daardie land (Assirië) gebly, terwyl daar maar net twee stamme in Europa is wat onderdane is van die Romeine, terwyl die tien stamme”²⁶
“anderkant die Eufraat(rivier) is tot vandag toe, ‘n ontsaglike menigte waarvan die

Verder bring die boek **II Esdras** aan die lig dat die IsraEliete Assirië verlaat en na ‘n nuwe land verhuis het waar mense nog nooit vantevore gewoon het nie; ‘n land waarmee IsraEl se vaders onbekend was:

“... dit is die tien stamme wat in die dae van koning Hosea vanuit hulle land weggevoer is in ballingskap, wat deur Salmaneser, koning van Assirië, gevange geneem en weggevoer is anderkant die rivier (Eufraat). Maar hulle het onder mekaar ‘n plan gemaak om die heidense bevolking te verlaat en na ‘n landstreek te gaan waar die mense nog nooit voorheen gewoon het nie, sodat hulle daar die verordeninge kon hou wat hulle nie in hul eie land gehou het nie. En hulle het deur die smal gang van die Eufraat gegaan. En die Allerhoogste het aan hulle wonders gedoen, want Hy het die oorsprong van die rivier teruggehou totdat hulle deurgegaan het. Maar dit was ‘n lang reis van ‘n jaar-en-’n-half tot in daardie land, en die land se naam is “Arsareth”...”²⁷.

Herodotus, die Griekse historikus van die vyfde eeu voor Messias, bevestig hierdie verslag.

Hierdie is ‘n vervulling van Bybelse profesie: Elohim het gesê dat Hy Sy volk as gevolg van hulle sonde uit die land sal verdryf en oor die aarde verstrooi; hulle sal ‘n nuwe tuiste hê: ‘n land wat hulle vaders nooit geken het nie ...’n land na die Noorde en Weste ...’n land wat nog nooit vantevore deur mense bewoon is nie: ‘n wildernis; maagdelike, onbewerkte land.²⁸ Om te bepaal waar die land Arsareth is, moet ‘n mens net op ‘n wêreldkaart kyk watter land na die Noorde en Weste van Assirië na ‘n jaar-en-’n-half te voet, bereik sal kan word!

26 ‘n Oorblyfsel van die Huis van Juda: die stam van Juda en die stam van Benjamin.

27 **2 Esdras 13:40-47.**

28 **Deuteronomium 4:26,27; 28:64; 30:3; Jesaja 34:17; 49:8; 54:3; Jeremia 9:16; 16:13,15; 23:3;30:11; 31:10; Eségiël 6:8; 11:16,17; 12:15; 20:34,41; 22:15; 36:33-36.**

HOOFSTUK 3

Jou erfenenis

Sou dit net 'n wonderbaarlike sameLOOP van omstandighede gewees het dat omtrent dieselfde tyd wat die IsraEliete uit Assirië verdwyn het (teen ongeveer die sesde eeu v.M.) die Germaanse volke²⁹ (Alane, Albanese, Balte, Britte, Boergondiërs, Karolingers, Kelte, Kimmeriërs, Dene, Finne, Franke, Friese, Galliërs, Skotte, Gote, Herulers, Jutte, Lettiërs/Lette, Litauers, Lombarde, Noormanne, Noorweërs, Ordovisiërs, Pole, Pruise, Russe, Saksers, Skittiërs, Siluriërs, Swebiërs, Swede, Teutone [Germane], Oos-Gote, Vandale, Wesgote, Wale en letterlik honderde ander) op 'n misterieuse wyse vanuit die niet verskyn het? Tot vandag toe nog kon die sekulêre opinie, wat die Evolusieteorie voorstaan, nie daarin slaag om vas te stel wat die oorsprong van hierdie **Germaanse volke**³⁰ is nie. Alhoewel sogenaamde “wetenskaplikes” en “groot geeste” kwansuis die oorsprong van die aarde honderde biljoene jare gelede kan bepaal met behulp van brokkies en stukkieS versteende plante, insekte en diere, beweer hulle dat hulle nie die oorsprong van die Germaanse volke 'n skrale twee-duisend-vyf-honderd jaar gelede kan bepaal nie, ten spyte daarvan dat geskrewe dokumente met onweerlegbare bewyse bewaar gebly het.

Is dit nie vreemd dat die ontsaglike volksmassa van ongeveer dertien miljoen IsraEliete uit die geskiedenis verdwyn het op ongeveer dieselfde tyd as toe 'n ander groot volksmassa op ongeveer dieselfde plek ontstaan het nie? Die algemene opvatting is dat daar geen benul is van die bestemming van die een of die oorsprong van die ander nie - selfs al is die wese en kultuur van hierdie volke dieselfde; selfs al bewys geskiedkundige dokumente dat dit presies dieselfde volke is. Sou hulle net onkundig wees, of steek hulle in werklikheid iets weg? Hoekom het geeneen vanuit die opvoedkundige en godsdienstige monopolieë van vandag nog ooit openlik die **verdwyning van die IsraEliete** verbind met die **verskyning van die Germaanse volke** nie?

Wanneer 'n mens 'n boek verloor, soek jy die boek waar jy hom die laaste keer gesien of neergesit het. Wanneer jy egter na 'n hond soek of enige

29 Word ook na verwys as die Angel-Saksers, Indo-Germane, Indo-Ariërs, die volk afkomstig uit **Europa**, of meer generies: **die wit ras**. Let asseblief daarop dat die Duitsers maar net een van honderde takke van die **Germaanse ras** is. Die Germaanse volke het minstens 'n duisend jaar voor die Duitsers al bestaan. As gevolg van die vervolging van en slegte publisiteit aangaande die Duitsers, besef diegene wat hul onderrig in die moderne skool gehad het nie dat die **wit ras** in sy geheel as **Germaans** geklassifiseer word nie. Die rede hiervoor sal binnekort uitgelig word.

30 Die mees indrukwekkende volk wat die wêreld nog ooit geken het.

skepsel met bene of die vermoë van beweging, sal jy **begin** soek waar hy laas opgemerk is, en **jy sal nie daar ophou soek nie**. Indien die hond nie is waar dit bekend is dat hy laas was nie, sal 'n intelligente persoon sy **voetspore** volg. Indien die hond nie in sy eie werf is nie, sal hy by die bure gaan soek. Indien die hond se halsband gevind word, sal die intelligente persoon vervolgens aanvaar dat die hond die halsband verloor het, hy nou **ongeïdentifiseerd** is, (**nie onidentifiseerbaar nie**) en dalk 'n **nuwe tuiste** gevind het. Heel moontlik het die hond nou ook 'n **ander naam** gekry, maar die intelligente persoon sal **nooit** aanvaar dat die hond nie meer bestaan omdat slegs die halsband gevind is nie.

Ongelukkig is die algemene opvatting vandag dat die IsraEliete nie meer bestaan nie, bloot as gevolg van die feit dat hulle vandag nie meer in hul oorspronklike tuiste is nie en nie meer hul oorspronklike name dra nie. Dit alles ten spyte van die feit dat die Woord van Elohim, asook dokumentasie aangaande hierdie mense, aantoon dat hulle nie weer na hul oorspronklike land sou terugkeer nie, maar na 'n nuwe tuiste in die Noorde en Weste ... op 'n tydstip waar hulle alreeds nuwe name gekry het, soos geprofeteer. Wel, die spoor is nog nie koud nie, nie in die minste nie en dit is ook nie nodig om dit deur 'n bloedhond te laat volg nie.

Spesifieke geskrewe bewyse bestaan al sedert 1300 n.M. Verstommende bewyse, so ver terug gedateer as 600 v.M., kan selfs deur 'n kind bymekaar gevoeg word. Dit is 'n beduidende deel van die legkaart wat nog altyd suksesvol vir amper almal weggesteek is. Dit is deel van die sameswering om jôu erfenis - jôu identiteit - weggesteek te hou.

HOOFSTUK 4

Historiese Getuienisse.

Kronologiese, Taalkundige en Argeologiese bewyse van die Ware IsraEl.

Oorvloedige bewyse is in die sekulêre (nie-gewyde) geskiedenis te vinde dat die Assiriërs, wat die IsraEliete oorwin en weggevoer het, vir hulle verskeie name gegee het, waarvan **Iskuza** en variasies daarvan die belangrikste was. Hierdie **Iskuza** was die Assiriese naam vir die **Skittiërs**, wat Europa later bevolk het as die Germaanse volke. Die rede waarom die Assiriërs hulle **Iskuza** genoem het, was omdat hierdie ballinge hulself **die volk van Isak** genoem het. Dit was die vervulling van profesie, want die Hemelse Vader het gesê dat IsraEl genoem sal word na die naam van die seun van die belofte - **Isak**³¹, alhoewel die volk nêrens in die Bybel so genoem word nie. Die eerste (en enigste) keer wat daar so na hulle verwys is, was net vóór die wegvoering, toe die profeet Amos in 'n profetiese aankondiging na hulle verwys het as die **Huis van Isak**.³² Die Hemelse Vader het gesê dat IsraEl vir haar straf uit haar land gedryf sou word, 'n nuwe tuiste sou kry en haar identiteit tydelik sou verloor as gevolg van haar sonde, met ander woorde sy sou met 'n **ander naam** genoem word.

Gedurende haar ballingskap het IsraEl met baie vreemde volke in aanraking gekom en het bekend geraak onder die name wat aan haar gegee is deur haar wegvoerders, asook die name wat sy sou optel op haar omswerwinge. "Isak" het in die verskillende tale die volgende variasies ondergaan: **Iskuza/Isguzai/Sakhi** (Assiries), **Saka/Sakia** (Romeins), **Sacae/Sakae/Saka/Sakka/Sakiya/Skittiër** (Persies, Medies, Susianies), **Saksuna/Sacasene/Sakkas** (Indies), **Skuthes/Skuthae** (Grieks), **Scolotoi** (Krim), **Skythes** (Wallies), **Sgiathanach** (Skots-Gallies), wat egter almal as **Skittiërs**, met onderafdelings soos **Sakse, Skotte**, ensovoorts, bekend geraak het.

Madison Grant, 'n historikus, skryf in "The Passing of the Great Race"³³ dat die **Sacae** of **Saka** die lang kop, blonde volke was wat die Ariese taal na Indië geneem het. Esseense en ander literatuur van die IsraEliete wat in die katakombes gevind is, bring aan die lig dat die IsraEliete (en Jahshua ook)

31 Génesis 21:12; Hosea 11:1; Hebreërs 11:18.

32 Amos 7:16.

33 Oorspronklik gepubliseer deur Charles Scribner's & Sons, 1916.

ligte hare en blou oë gehad het en gemiddeld 1,84 meter (6 voet) lank was.

Die profete het gesê dat IsraEl noord van die Eufraatrivier verstrooi sou word en dit is vervul toe sy in ballingskap na Assirië geneem is. Toe IsraEl Assirië verlaat via die **Kaukasiese Gebergte** oor die Darielpas, het hulle bekend begin staan as die **Kaukasiërs**. Hulle het toe deur die Seestraat van Kerch na die Krimgebied beweeg.

Die naam **Skittiërs/Skiete** kon ook aan die IsraEliete toegedig gewees het as gevolg van die feit dat hulle deur hul wegvoeders gedwing was om in tente te woon. Een van die Hebreeuse woorde vir “tent” is “*sukkoth*”.³⁴ Die IsraEliete het soveel jare in tente gewoon (veral gedurende hul omswerwinge in die woestyn) dat die Hemelse Vader hulle beveel het om jaarliks die “**Fees van Sukkoth**” te vier (**Huttefees**). Die bedoeling daarvan was om hulle te herinner aan die ontberings van hul voorgeslagte (as gevolg van sonde), die verlossing uit die hande van hul vyande en om hulle geleentheid te bied tot dankbaarheid oor hul seëninge. Die “**Skuthe/Sküthe**” het bekend geword as tentbewoners en het soos die “**Skittiërs/Skiete**” herders van skape en beeste geword.

Die benaming “**Sakser**” (Engels: “**Saxon**”) is afgelei van die oorspronklike Hebreeus (“**Sakasuni**”) wat “**seun van Saks**” beteken (“**son of Saks**” of “**Isaac’s sons**”). In “**Documents of Destiny**” deur **F. Wallace Connon** (London 1958) sê hy: “Dr. Holt Yates sê: “*Die woord “Sakser” (“Saxon”) kom van “seuns van Isak”*”. Hy noem **Saac, Saak, Saach, Saax, Saach-en** en wys daarop dat in baie Oosterse tale “seuns van” dikwels geskryf word as “*sunnia*”, wat “seuns van Isak” sal verander na “*saac-sunnia*”.”

Die Babiloniërs het die Skiete “**Gimirra**” of “**Gimiri**”³⁵ genoem, die Romeine het hulle “**Kimmiri**” genoem en die Grieke “**Kimmerioi**”. Die Assiriërs en Babiloniërs het die IsraEliete ook “**Sak-Galutha**”³⁶ of “**Bit-Khumri**” genoem.

34 #5523 (**sook-kohth**); in Hebreeus word klinkers nie uitgeskryf nie; dus sal **sook-kohth** geskryf word as **skkhth**. Die klinkers word deur die spreker ingevoeg. Afhangende van sy dialek, is die klinkers sowel as hul posisie onderhewig aan variasie.

35 Dit beteken “*stamme*”. Die IsraEliete was min of meer die enigste volk wat daarvoor bekend was dat hulle baie substamme gehad het, almal met verskillende name; soos Strabo, die Griekse geograaf/historikus (63 v.M. tot 21 n.M.) gesê het: Die meeste van die Skiete, beginnende by die Kaspiese See, word “*Dahae Scythae*” genoem en die wat meer aan die oostekant is “*Massagatae*” en “*Sacae*”; die ander het die gewone naam van “*Skiete*”, alhoewel elke stam sy eie besondere naam het. In die King James-Bybel staan in **Titus 2:14**: “*Who gave Himself for us, that He might redeem us from all iniquity, and purify unto Himself a peculiar people, zealous of good works.*” Hierdie woord “*peculiar*” (“*besondere*”) beteken in Grieks “*beyond being usual*”, met ander woorde “*verby die alledaagse*” - ‘n volk wat uitstaan tussen die ander. Watter volkerefamilie is meer voortrefflik en opmerklik in hul karakter en prestasies as alle ander volke? Dit is nie ‘n toevalligheid nie en definitief ook nie as gevolg van enige grootsheid aan ons kant nie, maar dit is bloot die gevolg van die Hemelse Vader se voorbeskikking van Sy uitverkorenes.

36 “**Galutha**” beteken “*gevangene*”. In Hebreeus “**Geloth**”.

*Algemene oorsprong van die Kimmeriërs,
Skiete, Kelte, Skotte, ensovoorts.*

Daar is voldoende bewys dat die Kimmeriërs, Sakkae, Saksers, Skiete ensovoorts, almal van dieselfde ras was en ook identies met die Angels, Kelte, Dene, Skotte, Gote, ensovoorts.

Albinus, (1e eeu v.M.) skryf:

“Die Saksers stam van die antieke “*Sakae*” in Asië af, en is met verloop van tyd “*Saksers*” genoem.”

Ptolemaeus, (2e eeu n.M.) die Grieks-Egiptiese sterrekundige, wetenskaplike en aardrykskundige sê:

“Die Saksers was **Skittiërs** wat van die **Sakkae** afstam wat uit Medië kom.”

Prideaux sê:

“Die **Kimbers** en hul bloedverwante, die **Angli**, wat saam met hulle getrek het, kom van tussen die Swart See en die Kaspiese See vandaan.”

Plinius die Oue (23-79 n.M.), die Romeinse geleerde en skrywer van “*Historia Naturalis*” sê:

“Die *Sakae* was van die mees voortreflike volke wat in Skittië gewoon het en hulle is **Sakka-sani** genoem.” (Connon; bl. 102)

George Moore sê in “*Saxons East and West*”:

“Die *Sakae* en die *Getae*, wat Indië vantevore ingeneem het, het dieselfde oorsprong as die *Sakse* en die *Gote* van die Weste en het direkte verband met die *IsraEliete* gehad” (Bl. 95).

Professor Freeman het gesê:

“Stam na stam, Angels, Saksers, Jutte, Friese het oor die see gestroom om vir hulle nuwe tuistes te skep op die Britse Eilande. So het die Engelse nasie groot geword - ‘n nasie wat gevorm is deur die eenwording van verskeie stamme van dieselfde geslag. Die *Daniëte* het feitlik nie nodig gehad om ge-assimileer te word nie. Dit was nog ‘n verwante stam wat later bygekom het. Selfs die Noormanne was bloedverwante.” (Bl. 225 van “*Missing Links Discovered in Assyrian Tablets*”).

Dr Charles MacKay, vooraanstaande Skotse woordeboekskrywer, beweer dat die name “*Angle*” en “*Gaidheal*”³⁷ identies was. Die groot verskil in spelling is ‘n gevolg van die verskil tussen Skots en Engels. Hy sê dat, indien die laaste lettergreep van “*Angle*” beklemtoon word, jy dan “*An Gaidheal*” kry.

37 Gallies (Skots) vir “*Gael*”.

f

Professor Hans F.K. Günter, Duitse volkekundige, het gesê:

“Watter volke, watter individuele Wiking-groepe ook al op Engelse grond geloop het - Kelte, Angels, Jutte, Dene, Noorweërs en Ysland-Wikings, Normandiërs - hulle was almal oorwegend Nordiese volke.” (*“The Racial Elements of European History”*, 1927.)

Professor Huxley het gesê:

“As dit wat ek te sê het aangaande wetenskaplike feite enige gewig dra by iemand met politieke mag, dan vra ek hom om te aanvaar dat die argumente aangaande die verskille tussen die Angel-Sakse en die **Kelte** louter bedrog en misleiding is” (Uit ‘n aanhaling van Sir Arthur Keith in die **Sunday Times** van 27 Oktober 1935.)

Insgelyks sê **Professor F.G. Parsons**:

“Eendag sal ons dalk in staat wees om klein verskilletjies op te merk tussen die skedels van Angels, Saksers, Jutte, maar tot op hede was dit vir my geheel-en-al onmoontlik. Al wat ek kan sê, is dat hierdie Nordiese stamme baie nou aan mekaar verwant is ...” (*“History of the Modern Englishman”*, 1931, bl. 77.)

Sir F. Palgrave het gesê:

“Britte,... Angel-Sakse, Dene en Noormanne was almal verwant aan mekaar, hoe vryandig ookal, hulle was almal stamverwante wat mekaar se bloed vergiet het.” (uit *“Missing Links”*... wat *“English Commonwealth”* aanhaal.)

Sir Arthur Keith se besliste uitspraak was:

en “*... en jy sal die vader van ‘n menigte van nasies (GOYIM) word.*” Hierdie Hebreeuse en Griekse woorde kan baie duidelik eksklusief verwys na IsraElvolke of IsraElnasies; maar dit kan ook uitsluitlik na nie-IsraElnasies verwys. Voorts kan hierdie Hebreeuse en Griekse woorde verwys na sowel

Israël- as nie-Israëlnasies of -volke in dieselfde sin.

GOY en ETHNOS (Eng: “*gentile*”) het dus geensins ‘n duideliker betekenis as die woord “*Jood*” nie. Om hierdie rede kan die woord “*heiden*” (Eng: “*gentile*”) slegs verstaan word binne die konteks van die passasie waarin dit gebruik word.

‘n Vinnige woordjie aangaande konteks: Om die Bybel te kan verstaan, moet ons gebruik maak van Bybelse reëls van interpretasie. Die fundamentele reël van die Bybel is dat die Hemelse Vader nie kan lieg nie, Hy kan Homself nie weerspreek nie. Hy verander nie en ook verander Sy Woord nie. Om hierdie rede kan die Skrif slegs geïnterpreteer word in die lig van vorige Skrif, wat die voorwaarde skep waarvolgens die res van die Skrif vertaal moet word.

Ontleding van ‘n finale punt van verwarring.

Op sewe plekke in die **King James Vertaling** word die woord “*heiden*” (Eng: “*gentile*”) gebruik in plaas van die korrekte woord, naamlik “*Griek*”. Die woord hiervoor is die Griekse woord “*Helen*”, wat “*Griek*” beteken. Een voorbeeld van so ‘n foutiewe vertaling is **Johannes 7:35** waar dit in die Engels staan: “*Will He (Christ) go unto the dispersed (of Israel) among the GENTILES and teach the GENTILES?*” In beide hierdie gevalle is die woord vertaal vanaf “*Hellenes*”, wat met “*Grieke*” vertaal moes gewees het. (In die **1953-Afrikaanse Vertaling** is dit wel korrek vertaal).

‘n Laaste misvertaling wat ons graag wil noem wat ook gelei het tot verwarring van die woord “*Grieke*”, vind ons in **Eségiël 27:19**, wat deel van ‘n uitspraak was teen die mense van Tirus tydens Israël se ballingskap.
“*Wedan en Tawan het uit Usel aan jou smee-yster as handelsartikel gelewer;*”

Kol. Gawler sê in sy werk “**Dan The Pioneer of Israel**”:

“Op drie plekke in Daniël, waar uitdruklik na Alexander die Grote verwys word, en op een plek in Sagaría word “*Jawan*” as “*Griekeland*” vertaal.”

Josephus (*Antiquities*, 1, VI, 1) sê ook dat Jawan, Griekeland is. Daar bestaan dus ‘n duidelike verband tussen Dan en Griekeland, indien die vertaling korrek hanteer word.

Die “**Davis Dictionary of the Bible**” (1973) verstrek die volgende inligting aangaande “*Jawan*”:

“Die naam stem etimologies ooreen met **Iona en dui op Grieke**”. Die “*New Unger’s*”

Bible Dictionary” 1988 bevestig dit en sê dat “*Jawan*” nie net na die Grieke verwys nie, maar spesifiek na die Ioniërs wat die kusstreke van Lydia en Caria bewoon het. Dit was twee handelsentra wat omtrent twee honderd jaar voor die Peloponnesus bestaan het. Unger gee ook ‘n aanduiding dat Sargon 2 van Assirië hulle vermeld (ongeveer 721 - 705 - dit was ongeveer in die tyd toe Noordelike Israël deur Assirië verower is) nadat hy ‘n skeepsoorlog teen hulle gevoer het. Hierdie gegewens is veral beduidend, aangesien Keating aangeteken het dat die Grieke na Ierland en Denemarke gemigreer het na ‘n geveg teen die Assiriërs. **En soos ons reeds gesien het, was die Grieke Israëliete uit die stam van Dan.**”

HOOFSTUK 7

Bybelse Getuies.

Skriptuurlike bewyse vir die Ware IsraEl.

Mens kan nie kennis dra van die aard van 'n besondere besprekingspunt (tensy jy teenwoordig of in die omgewing was tydens die ontstaan daarvan) wanneer etikette en name verander word nie. Intendeel, daar word dan slegs op tweedehandse inligting staatgemaak, wat boonop onderworpe is aan onjuisthede. Ons is almal bewus van die onbetroubaarheid van gegewens, om nie eers te praat van diegene wat geneig is om met opset te wil bedrieg nie.

Daar is 'n eenvoudige speletjie wat die onbetroubaarheid van mondelinge oordraging baie maklik bewys. Dit word "*Telefoontjie*" genoem. 'n Dosyn-of-wat mense sit in 'n kring en dan begin een van hulle, deur 'n verhaaltjie van 'n paar sinne uit te druk en dit in die oor te fluister van die persoon wat die naaste aan hom sit. Hierdie persoon is veronderstel om 'n presiese weergawe van dit wat hy gehoor het in die oor van die volgende een te fluister, ensovoorts, ensovoorts, totdat die verhaaltjie weer gefluister word in die oor van die een wat dit begin het. In die meeste gevalle hoor die "*vader*" van die verhaal 'n totaal ander storie as dit wat hy geskep het.

Hoe gelukkig is ons nie dat ons nie nodig het om op die woorde van feilbare mense staat te maak soos dit deur die geskiedenis heen oorgedra word nie, maar dat die Hemelse Vader vir ons die gebeure in Sy Woord opgeteken het. Verder het Hy ook vir ons gesê: "*... in die mond van twee of drie getuies sal elke woord vasstaan.*"⁵¹ Laat ons ons dus wend na die **finale outoriteit betreffende alle sake van geloof en gewete** - die Heilige Gees - om die ware, Skriptuurlike identifikasie van Elohim se volk te sien. Laat ons Sy Woord as 'n profielvorm of 'n geïllustreerde ensiklopedie gebruik om te sien wie die ware IsraElvolk van die Hemelse Vader is. Kom ons kyk na die vingerafdrukke van die ware IsraEl. Laat ons in die lig van Elohim's woord na die geskiedenis en huidige gebeure kyk en in dié proses word die Skrif ook lewend. Laat ons in die tweede en derde getuïenisse van die geskiedenis en huidige gebeure delf en sien hoe dit die profesieë van die woord van Elohim bevestig.

51 Die Hemelse Vader is, soos altyd, getrou aan Sy Eie Wet, want hierdie Gebod is drie keer in die Skrif opgeteken: **Deuteronomium 19:15; Mattheüs 18:16; 2 Korinthiërs 13:1.**

Die groot getalle van IsraEl.

Die Hemelse Vader het gesê dat Sy IsraElvolk 'n GROOT NASIE, 'n MAGTIGE NASIE, 'n GESELSKAP en 'n MAGDOM van nasies sal word - nasies wat deur KONINGS en PRINSE regeer sal word en deur PRIESTERS gelei sal word. Voorts is IsraEl bestem om selfs 'n duisend maal meer talryk as die sterre van die hemel en die sand van die see te word - **Deuteronómium 1:10 en 11:** *“JaHWeH julle Elohim het julle vermenigvuldig; en kyk, julle is vandag soos die sterre van die hemel in menigte.” (11) “Mag JaHWeH, die Elohim van julle vaders, by julle byvoeg duisend maal soveel as wat julle is, en julle seën soos Hy julle beloop het!”*

Besonder interessant is die feit dat die Hemelse Vader deur die seëninge van Jakob verklaar het dat Efraim en Manasse 'n menigte sou word in die middel van die aarde - **Génesis 48:16:** *“die Engel wat my uit elke teëspoed verlos het - mag Hy die seuns seën, en mag deur hulle my naam genoem word en die naam van my vaders Abraham en Isak, en mag hulle vermeerder in die land in menigte.”*

“The Angel which redeemed me from all evil, bless the lads; and let my name be named on them, and the name of my fathers Abraham and Isaac; and let them grow into a multitude in the midst of the earth.” (Die Afrikaanse Vertaling stem nie hiermee ooreen nie, daarom het ons uit die King James Bybel aangehaal.) Wat interessant is aangaande die woord “groeï” in die teks, is dat dit slegs een keer in die Bybel gebruik word en dit beteken “om vinnig te beweeg” of “kuitskiet (voortbring) in groot getalle soos vis”. Is dit bloot toevallig dat die eerste gelowiges (wat almal IsraEliete was) die visteken as hul simbool gebruik het, soos vandag nog gebeur? Verder het Jakob gesê dat dit in “die middel van die aarde” sou gebeur. Hierdie Hebreeuse woord (**#7130; [keh'-reb]**) beteken “in die middel” of dit nou ook al letterlik of figuurlik is. Watter mense was al meer in die kalklig van wêreld-aandag en watter volke woon meer in die “middel” van die aarde as die Verenigde State van Amerika en Brittanje?

Die VSA, Brittanje en die ander Germaanse nasies was in die middel van die aarde omdat hulle al oor die hele wêreld heen gemigreer het en ook deur middel van hulle kolonialisasies. Dit is duidelik dat Amerika daardie “GROOT NASIE” geword het (**Génesis 12:2 en 3**), dat die Verenigde Koninkryk met kolonies regoor die wêreld die “GROOT GESELSKAP VAN NASIES” (Eng. “Company”) geword het (**Génesis 35:11**) en die ander Blanke nasies van Europa (Duitsland, Denemarke, Swede, België, Oostenryk, ensovoorts) het 'n

“GROOT MENIGTE van NASIES” geword (Génesis 17:4). Hoe kon die “Jode” (of enige ander volk) al ooit hierdie profesieë vervul het?

Ek herinner u graag aan die gedeelte van Josephus wat ons vroeër aangehaal het aangaande IsraEl wat so ‘n geweldige *“groot familie van volke”* geword het, dat hulle nie volgens getalle geskat kan word nie. Hierdie is die begin van die vervulling van die profesieë en beloftes wat gegee is vir Abraham, Isak en Jakob. Nêrens in die Skrif word IsraEl se getalle so beskryf nie.

Die Hemelse Vader het nog altyd die ware IsraEl met die vermoë geseën om in groot getalle te vermeerder en dit veral onder moeilike omstandighede. Een van die karaktertrekke van ‘n sterk volk is hul vermoë om te midde van intense beproewing en moeilike omstandighede steeds te presteer. Toe ons volk nog jonk was, was dit nie ongewoon om, ten spyte van groot depressies, gesinne aan te tref met tien of twaalf kinders nie. Onthou dat die kinders van IsraEl na Egipte getrek het toe die huis van Jakob nog in sy kleuterskoene was: Slegs sewentig siele. Na die dood van die goeie Farao het ‘n goddelose Farao die troon bestyg en die IsraEliete as slawe laat arbei. Dit het die Egiptenare hewig ontstel dat die IsraEliete, ten spyte van verhoogde druk en genadelose mishandeling, steeds grootliks vermeerder het.

Die IsraEliete het na Egipte toe getrek as **sewentig siele**, maar na sowat vierhonderd-en-veertig jaar het hulle daar uitgetrek met ongeveer **drie-miljoen** mense.

In hul ballingskap is dit maklik waarneembaar dat hulle getalle aangegroei het tot die bykans **drie-kwartbiljoen lede van die Blanke ras**, volgens huidige statistieke.

Dit is moeilik om te aanvaar dat sekulêre geleerdes *“nie weet”* wat van die elf miljoen IsraEliete van die Huis van IsraEl geword het wat in ballingskap na Assirië geneem is nie en ook nie van die ongeveer twee miljoen IsraEliete van die Huis van Juda wat nooit van Babilon teruggekeer het nie. Dit is egter nog moeiliker om te aanvaar dat hulle nie kan verklaar wat moontlik van veertig tot honderd miljoen IsraEliete geword het nie - die ontsaglike menigte waartoe hulle in ballingskap gegroei het.

Die “Jode” se bevolkingstal het nog nooit twintig miljoen oorskry nie. Om die waarheid te sê, hulle het ‘n regressiewe geboortesyfer, met ander woorde, dit word deur die natuurlike sterftesyfer oorskry.

Inteendeel, volgens die Bybel is dit die teken van ‘n vloek. As gevolg van hierdie regressiewe geboortesyfer sou die *“Jode”* as volk lankal nie meer

bestaan het as hulle nie voortdurend (tot vandag toe nog) vermeng het met ander volke nie. Weer eens is dit op sigself 'n verbreking van die Wet wat die Hemelse Vader aan Sy WARE IsraElvolk gegee het - suiwerheid van ras⁵². Die **Jode** van vandag beskik geensins oor rassesuiverheid nie, want hulle **is nie 'n ras nie**. Alhoewel hulle 'n bepaalde etniese groep is, is hulle nie 'n ras nie, omdat hulle die **produk van die vermenging van verskeie rasse** is: hoofsaaklik Kanaäniete, met 'n ruim porsie Oosterse bloed, 'n bietjie "Afrikabloed" en dan die meer onlangse vermenging met die Germaanse volke in 'n poging om hulself te verblom. Hulle gaan selfs so ver as om hul name te verander en neus- en ander kosmetiese operasies te ondergaan om die Kainstekes weg te steek.

IsraEl se Groot Mag.

Die Hemelse Vader het gesê dat Sy volk 'n volk sal wees wat hul vyande sal besit; 'n volk wat magtiger sal wees as alle ander volke, 'n volk wat oor baie ander volke sal regeer maar nie deur ander regeer sal word nie en wat aan baie ander volke sal uitleen, maar self by niemand sal leen nie; 'n volk wat oor die grootste militêre mag sal beskik wat ooit deur die wêreld geken is, wat 'n vermoënde landbou en veeteelt sal hê, wat die rykdom van die aarde sal oes en die kragte van die heelal sal tem deur middel van grootse ontdekkings.⁵²

Al die verse wat by⁵³ genoem word - is dit beskrywings van die Jode, of Amerika, Duitsland, Groot Brittanje en die Europese volke en volke van Europese afkoms?

Die Hemelse Vader het gesê dat IsraEl die **Strydbyl** is waarmee Hy die nasies sal oorwin.⁵⁴ Die strydbyl was die wapen van die IsraEliete en die beroemde wapen van die Skiete en Saksers. Geen ander volk was bekend vir die gebruik van hierdie wapen asook die gedugte hantering daarvan ten tye van oorlog nie.

Die profete het geprofeteer dat Rome deur IsraEl vernietig sou word - **Daniël 2:34,35,44** en **45**: "U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande

52 Dit is baie jammer dat die meeste intelligente mense vandag meer begaan is oor die behoud van die suiwer bloedlyn van die perde, honde en katte wat hulle teel as oor die behoud van hulle eie suiwer bloedlyn. Is ons dan minder werd as diere? Die Hemelse Vader eis rassuiverheid van Sy volk, ten spyte van wat wie ook al sê. Indien die waarheid vertel word, kan die korrelasie maklik getrek word tussen die ondergang van die groot nasies en hul verbastering - Griekeland, Rome, Konstantinopel, Spanje, Italië, Portugal, Brazilië (en nou Kanada, Brittanje, Amerika, ensovoorts)

53 **Genésis 22:17; 27:28** en **29; 32:24-28; 49:25** en **26; Deuteronomium 8:7** en **9; 15:6; 28:2-12; 33:13-28; Jesaja 60:5-11; 61:6; Eségiël 38:12; 36:29** en **30; Joël 2:19; Miga 5:8; Lukas 10:19** en **20.**

54 **Jeremia 51:20; Númeri 24:8** en **9; Psalm 2:8** en **9; Jesaja 41:10-16; Jeremia 51:19-24; Miga 5:8; Maleagi 4:3.**

‘n klip losmaak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het.’ (35) “Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloer in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het ‘n groot rots geword wat die hele aarde gevul het.” (44) “Maar in die dae van dié konings sal die Elohim van die hemel ‘n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar ‘n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan -” (45) “net soos u gesien het dat sonder toedoen van mensehande ‘n klip van die berg af losgemaak het wat die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud verbrysel het. Die grote Elohim het aan die koning bekend gemaak wat hierna sal gebeur; en die droom is waar en sy uitlegging betroubaar.”

Dit het ook so gebeur toe die Vandale en Gote, Rome ingeneem het. Rome se probleem het ongeveer 250 n.M. ontstaan toe Keiser Decius (wat een van die wreedste vervolgers van die Christelike Kerk was) gesneuwel het in die geveg teen die Gote, wat die eerste van die Germaanse stamme was om die Romeinse Ryk te verower. Alarik 1 (Engels: “Alaric 1”), die Wes-Gotiese koning, het Rome in 410 n.M. verower; Gaiserik (Engels: “Gaiseric”), die Vandaalse koning, in 455 n.M. en Odoaser (Engels: “Odoacer”), die Gotiese koning, in 476 n.M.

Was dit die Jode wat hierdie profesie vervul het? Verseker nie! Dit was die Jode wat Rome so woedend gemaak het dat Rome vir generaal Titus gestuur het om Jerusalem te verwoes en die Tempel tot op die grond af te brand in 70 n.M. Dit wil voorkom asof dit so beplan was, aangesien die geslagsregisters in die Tempel bewaar was. **Toe die klein oorblyfsel van Babilon af teruggekeer het, is die geslagsregisters geraadpleeg en die Kanaäniete en die mense van gemengde bloed wat daarop aanspraak gemaak het dat hulle suiwer Judeërs is, as bedrieërs uitgewys en verwerp** (Sien **Esra** en **Nehemia**). Op hierdie slinkse wyse het die Jode dit reggekry dat Rome hul vuil-werk vir hulle doen - en dit was geslaag, want daarná het Edomitiese Kanaäniete (Idumeërs) hulself as Hoëpriesters sowel as Konings aangestel. So was die Herodusse die bekendste Edomitiese (Idumese) familie wat op ‘n bedrieglike wyse oor Palestina regeer het.

Dit was ook die Germaanse stamme wat die inval van die **Moslemse Sarasene in Tours, Frankryk** onder die bevel van die Frankiese koning **Charles Martel** in 732 n.M. gestuit het. Dit was ook die Litauers wat vir meer as 500 jaar die Moslemse Mongole, Tartare en Hunne weerhou het van ‘n oornam van Oos-Europa en dit was die vroeë Spanjaarde wat die More in

Suidwes-Europa in toom gehou het. Laastens was dit die Britse magte onder leiding van Generaal Allenby wat Jerusalem in 1917 van die Turke bevry het. Dit was ook 'n vervulling van profesie.

Vervul die Jode enige van hierdie verse? Beskik die Joodse volk oor groot militêre mag? Verseker nie, want hulle moet op Amerika en Brittanje staatmaak vir die aankoop van wapens, vir beskerming en selfs om hul oorloë vir hulle te veg. In die geheim maak hulle ook staat op die Sowjet-Unie. Nee, hierdie verse is van toepassing op geen ander volk as die wit nasies van die wêreld nie.

IsraEl se Nuwe Naam.

JaHWeH het gesê dat Sy volk, IsraEl, nie langer “*IsraEl*” genoem sou word nie, maar 'n ander naam en dan sou sy spesifiek na Isak vernoem word.⁵⁵ Die Germaanse volke word “*Saksers*” genoem (Engels: “*Saxons*”), met ander woorde “*Seuns van Isak*” (Engels: “*Isaac’s Sons*”). Ten spyte daarvan het die Edomitese Jode, wat valslik op die naam “*IsraEl*” aanspraak maak, die naam gesteel en dit is weer eens die vervulling van profesie.⁵⁶

IsraEl se Nuwe Tuiste.

Die Hemelse Vader het ook gesê dat die ware IsraEl **nie** in die land IsraEl sou bly nie; dat Hy hulle as gevolg van hul sonde uit Palestina na 'n ander land sou verdryf; hulle sou oor die aarde verstrooi word; hulle sou 'n **nuwe tuiste** na die **Noorde** en **Weste** ontvang; hulle sou in hierdie proses van verspreiding **eilande bewoon**, asook kusgebiede, verlate wildernisse en onbewoonde lande, lande wat aan hul vaders onbekend was. Hulle sal aan die einde van die tyd tussen die nasies uitgesif en bymekaar gebring word om die land IsraEl weer eens te besit in die tyd van die Koninkryk. (Die ware IsraEl is huidiglik dus nie in die land IsraEl nie).⁵⁷ Sou dit toevallig wees dat die volksplanters in Amerika hul eerste nedersetting “*Virginia*” genoem het, (Engels: “*virgin land*”) wat beteken “*maagdelike grond*”?

Soos ons reeds gesien het, beteken die naam “*Hebreër*” - “*koloniseerder*” en

55 Génesis 21:12; Jesaja 62:2; Hosea 2:17; 11:1; Romeine 9:7; Hebreërs 11:18.

56 Jesaja 65:15; Jeremia 24:8 en 9; Openbaring 2:9, 3:9.

57 Génesis 28:14; 49:22; Levitikus 26:18,21,24,28 en 33; Deuteronómium 28:36,63 en 64; 29:25-29; 32:8; 33:17; Rigters 5:17; 2 Samuel 7:10; 1 Kronieke 17:9; Psalm 2:8; 65:5; 80:11; 89:25; 97:1; 106:27; Jes. 3:18; 11:11; 18:1; 24:15; 26:15; 27:6; 35:1; 41:1-10; 19; 42:4-6,10,12 en 24; 43:10,19 en 20; 48:18-23; 49:1-9,12,19 en 20; 51:5; 54:2 en 3; 58:11 en 12; 66:19 en 20; Jeremia 1:10; 2:2; 3:18; 6:8; 15:14; 16:13-16; 17:4 en 6; 18:17; 29:14; Eségiël 11:16; 17; 36:17-29; 33 en 34; Eségiël 38:12; Hosea 2:14; 12:1; Amos 3:12; 9:9; Sagaria 10:8 en 9; Handeling 2:5-11.

die ware Hebreër-IsraEliete sal die naam inderdaad gestand doen, omdat die Hemelse Vader dit beloof het. Dit verwys weer eens slegs na die Germaanse volke, wat die wêreld gekoloniseer het. Die Jode kan verseker nie aan hierdie profesieë voldoen nie, aangesien hulle alleenlik 'n land binnegaan wanneer dit reeds ontwikkel is (en hulle hul vorige "tuiste" moes verlaat as gevolg van 'n agteruitgang onder hulle invloed).

IsraEl, 'n bestendige nasie.

Volgens Bybelse profesieë sal IsraEl **nooit** ophou om 'n nasie te wees nie.⁵⁸ Nietemin was die Jode nie 'n nasie voor die Tweede Wêreldoorlog nie en die Staat van Palestina het ook nie bestaan voordat Brittanje en Amerika die land aan die Jode gegee het nie - intendeel, Palestina se voortbestaan is steeds as welsynstaat afhanklik van die ondersteuning van die V.S.A., Brittanje en Duitsland. Weer eens seën die Jode nie ander nasies nie, **hulle dring aan op seëninge** van ander nasies! Die Germaanse volke, daarenteen, was nog altyd 'n menigte van welvarende, selfonderhoudende nasies - tot so ver as hul herkoms bepaal kan word.

IsraEl se ewigdurende Koningskap.

Die Hemelse Vader het voorts gesê dat Sy ware IsraElvolk blind sal wees vir hul eie identiteit en dat hulle vir 'n tyd sonder koning, vors, slagoffer, efod en huisgode sal wees - **Hoséa 3:4**: "*Want die kinders van IsraEl sal 'n lang tyd bly sit sonder koning en sonder vors en sonder slagoffer en sonder klippilare en sonder efod en huisgode.*"

Dit is egter merkwaardig dat Elohim **gesweer** het dat die volk van IsraEl vir ewig 'n **Koning uit die Stam van Juda** sal hê - **Génesis 49:8** en **10**: "*Juda, jy is dit! Jou sal jou broers loof. Jou hand sal op die nek van jou vyande wees; voor jou sal die seuns van jou vader hulle neerbuig.*" **(10)** "*Die septer sal van Juda nie wyk nie, nóg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees.*"

Daar sal ook **nooit** 'n tyd ontbreek waarin daar nie 'n Dawidiese troonopvolger in IsraEl sal wees nie en daar sal ook Priesters uit die stam van Levi wees om die volk te bedien - so lank as die son en maan in die hemel is en daar dag en nag is. Hierdie plegtige belofte is deur die Hemelse Vader aan Dawid gemaak - dit **kan dus nie verbreek word nie**.⁵⁹

58 2 Samuel 7:16,24 en 29; 1 Kronieke 17:22-27; Jeremia 31:35-37; 33:20-26; 46:28; Hoséa 1:10; Amos 9:8.

59 Númeri 23:21(b); 2 Samuel 7:13-16; 1 Kronieke 22:10; 2 Kronieke 13:5; Psalm 89:1-6,20,27-29,35-37; 132:10-14,17; Jeremia 33:17-26; Esegjël 37:24.

Hierdie belofte was **nog nooit** verbreek nie, maar omdat Hy ook gesê het dat IsraEl vir 'n tyd lank sonder Koning sal wees, mag dit dalk verwarrend wees. Hierdie twee verskille kan egter sonder moeite bygelê word. Toe die Hemelse Vader gesê het dat IsraEl tydelik sonder koning sou wees, was dit met verwysing na die **Huis van IsraEl**, aangesien Hoséa teen die **Noordelike IsraEl** se sonde geprofeteer het in ongeveer 760 v.M. Die profesie is min-of-meer veertig jaar later vervul toe die Noordelike Koninkryk van IsraEl oorwin en weggevoer is na Assirië. Tydens hul ballingskap het hulle **geen Koning** gehad nie.

Die belofte aan die Stam van Juda en aan Koning Dawid hou egter nog steeds stand, aangesien die Koninkryk van Juda steeds bestaan het tydens die regering van koning Jotam in die tyd van die verowering en wegvoering van die Noordelike Koninkryk (ongeveer 722 v.M.).

Toe Nebukadnésar, koning van Babilon, geseëvier het oor die oorblyfsel van die Huis van Juda in 584 v.M. en 'n aansienlike aantal weggevoer is na Assirië, het die Huis van IsraEl alreeds ontkom aan hul ballingskap in Assirië en verspreid geraak dwarsoor Europa, waar hulle klein Koninkrykies gestig en waarskynlik konings uit die Stam van Juda aangestel het.

Voorts het die IsraEliete reeds voor die koningskap van Dawid begin om na verskeie wêrelddele te migreer, waar hulle groot Ryksgebiede totstand gebring het (soos Griekeland) met Judese konings as regeerders.

Selfs toe die Huis van Juda oorwin en weggevoer is na Babilon het die Hemelse Vader - getrou aan Sy Woord - gesorg vir die oorplanting van die saad van Dawid vanaf Juda. Mattanja (Engels: "*Mattaniah*") was die laaste Koning van die Huis van Juda voor die oorwinning deur Babilon. **Koning Nebukadnésar het Mattanja se naam verander na "Sedekía"** nadat al Sedekía se seuns en al die edellui voor sy oë gedood is. Daarna is sy oë verblind en hy is in gevangenskap weggevoer na Babel.⁶⁰ Dit wil dan voorkom asof die totale genelyn van Sedekía uitgewis is, maar volgens die Bybel het Sedekía ook dogters gehad.⁶¹ Hierdie dogters is onder beskerming en toesig van Jeremia na die Britse Eilande geneem. 'n Ongekende gebeurtenis het plaasgevind toe die Koning van Babilon vir Jeremia volkome vryheid gegee het om te kom en te gaan net soos hy wou. Die koning het selfs so ver gegaan as om die owerste van die lyfwag as dienskneg tot Jeremia se beskikking te stel, asook 'n finansiële toelae om in al sy behoeftes te voorsien. Watter heidense koning sal so-iets doen vir 'n nederige profeet van 'n verslane

60 Jeremia 39:6 en 7.
61 Jeremia 41:10; 43:6.

volk, tensy dit deur die Hemelse Vader beskik is dat dit die wyse sou wees waarop die Troon van Dawid na die Briste Eilande oorgeplaas sou word?

Die Judeërs was nog steeds ongehoorsaam aan die Hemelse Vader en het Jeremia en die koning se dogters na Egipte geneem.⁶² Van hier af het **Jeremia en Barug**⁶³ van hierdie sondige groep geskei en met die prinsesse na **Spanje** gegaan en vandaar is hulle na die **Britse Eilande**.

Soos ons reeds gesien het, was die oorspronklike Griekse Dinastieë IsraEliete. Nadat hulle die stad **Troje** gestig het, het baie van hulle na die Britse Eilande gemigreer, waar hulle heelwat van hul IsraElbroers ontmoet het wat al vir 'n tyd lank daar gewoon het, soos onder andere afstammelinge van Koning Dawid se seun Natan. By die tyd toe Jeremia en die twee prinsesse op die eiland aangekom het, het hierdie nageslag van Natan reeds 'n Monargie totstand gebring en die prinsesse het toe in die huwelik getree met die nageslag van Natan. Op dié manier is hulle teruggebring in die genelyn van Dawid. Daar was dus nog altyd 'n erfgenaam van Dawid wat regeer het oor Elohim se ware IsraElvolk (met watter naam hulle ook al genoem is).

By die Jode is slegs die teendeel waar, naamlik dat hulle **in hierdie millennium nog geen koning gehad het nie**, hulle was nie eers 'n nasie voor 1948 nie. Wat nog belangriker is, is die feit dat, toe Pilatus die lewe van JaHWèshua wou spaar, het die Edomitiese Jode met groot vrymoedigheid verklaar dat hulle *“geen koning behalwe die Keiser”* het nie.⁶⁴ Met ander woorde, omdat hulle vyande van Elohim is (en nie IsraEliete nie) **staan hulle Sy Plan van Geordende IsraElregering teë**, wetende dat hulle nie deel daarvan is nie.

Let daarop dat die Hemelse Vader ook gesê het dat hierdie Troon drie keer omvergewerp sou word⁶⁵ en dit is vervul toe die Troon, sowel as die klip waarop Jakob sy kop laat rus het tydens sy wonderlike droom, deur **Jeremia na Ierland** geneem is. Die Iere het hierdie klip die *“Lia-Fail”* genoem.⁶⁶ In 498 n.M. is dit teruggeneem na Skotland deur Gergus die Grote en in die Abdy van Scone geplaas - vandaar die naam wat deur die Skotte daaraan gegee is - **“Stone of Scone”**. Daar word beweer dat **Argyle** in hierdie tyd verower is en dat die woord *“Argyle”* afgelei is van twee Hebreeuse woorde, naamlik *“Ard”* en *“Giloh”* en dat dit beteken: *“Hy wat oorgee”*. Die klip is in 1296 finaal aan Engeland oorgegee deur Eduard 1, waar dit tot vandag toe nog lê onder die

62 **Jeremia 43**
63 Jeremia se skrywer, **Jeremia 36:4**.

64 **Johannes 19:15**,
65 **Eségiël 21:25-27**.

66 Een van die heiligste relikwieë van die Verenigde Koninkryk, waarop al die Konings en Koninginne van Ierland, Skotland, Wallis en Engeland gekroon is, sover dit in die geskiedenis opgeteken is. Dit staan ook opgeteken dat dit ongeveer vyf eeue voor die Messias in Tara Eiland, Ierland, was.

Koningstroon van Brittanje in Westminster Abdy en dit word gevolglik die “Kroningsklip” genoem (Engels: “Coronation Stone”). Die troon self word ondersteun deur vier klein leeutjies⁶⁷ wat dit bewaak. Dit is die Troon wat deur Elohim opgerig is vir Sy volk en wat eendag deur JaHWèshua bestyg sal word wanneer die Troon sowel as die volk gesuiwer en die land gereinig is van alle boosheid. (**Klip tans terug na Skotland**)

Die Britte verwys na hul Monargie as “Die Goddelike Reg van Konings” (Engels: “The Divine Right of Kings”), bedoelende dat hul Monargie deur Elohim daargestel is en nie deur ‘n mens nie. Die geskiedenis, sowel as onweerlegbare bewyse, dui daarop dat hierdie klip⁶⁸ na Ierland (Hibernië - Engels: “Hibernia”) vanaf Spanje (Iberië - Engels: “Iberia”) gebring is en dat dit sy ontstaan in die Heilige Land gehad het. Dit is ook nie toevallig dat die nasionale embleem van Ierland die “**Harp van Dawid**” is nie. In sy uitstekende werk “**Tracing our White Ancestors**” (1934) sê Frederick Haberman:

“Ierse historici is dit roerend eens omtrent die feit dat in ongeveer 589 v.M. ‘n aansienlike man in **Ulster** aangekom het - ‘n patriarg of ‘n heilige - in die geselskap van ‘n Oosterse prinses asook ‘n persoon met die naam van Simon Brag of Bareg.⁶⁹ Hierdie geselskap het verkeerde merkwaardige dinge met hulle saamgebring, dinge wat in die Ierse liedere en legendes getros is, soos onder andere ‘n harp (Dawid se harp) en ‘n wonderlike klip - die “*Stone of Destiny*” - die Lia-Phail.”

Volgens vele oorleweringe het Jeremia die prinsesse Spanje toe geneem, waar een van hulle in die huwelik getree het met ‘n sekere **Prins Zaragossa** - ‘n nakomeling uit die Stam van **Serag - Juda**. Hy het ‘n tyd later saam met die ander prinses in **Ulster** gearriveer. Ierse oorlewering wil dit hê dat Jeremia vir **prinses Tamar Tephi**⁷⁰ in die huwelik bevestig het met **Eochaidh, koning van Ierland**, nadat laasgenoemde hom toegewy het aan die aanbidding van JaHWèH.” (Bladsy 153.)

Daar heers soms onsekerheid aangaande besonderhede omtrent die twee prinsesse - watter een het met wie getrou en waar? Dit sal egter ‘n studie op sy eie wees en ons sal nie nou op verdere besonderhede ingaan nie.

Jeremia is in Ierland oorlede en sy graf kan vandag nog besigtig word. Dit is

67 Een van elk van die Brigades van IsraEl. Volgens die skrif word die Troon van Elohim opgepas deur vier lewende wesens, met vier gesigte elk. Een van hierdie vier gesigte is dié van ‘n leeu. Die ander drie is die gesigte van ‘n mens, ‘n kalf en ‘n arend - die simbole van die vier veldtekens van IsraEl. (Sien **Eségiël I; 10** en **Openbaring 7**).

68 Vir verdere inligting aangaande die “*Stone of Scone*”, verwys ons na “*Jacob’s Pillar*” deur E. Raymond Capt, en “*The Stones cry out*” deur Bonnie Gaunt.

69 Jeremia se skrywer, Barug. Antieke Ierse dokumente verwys ook na die aankoms in ongeveer 525 v.M. van ‘n wyse, heilige man uit die Ooste wat na Dan gekom het en sy skrywer, Barugsch, asook ‘n beeldskone prinses saamgebring het (Ingersoll - bl. 20).

70 Ook genoem Tea Tephi. Tamar Tephi is klaarblyklik vernoem na die vrou uit haar voorgeslag, Tamar, vrou van Juda, moeder van Serag en Peres.

interessant om daarop te let dat hy een van die Stam van Levi was. Die Hoëpriester van IsraEl moes 'n borsplaat dra met twaalf edelstene, elk 'n simbool van een van die Twaalf Stamme van IsraEl. Levi se steen was die **smarag**. Sou dit weer blote toeval wees dat Jeremia, uit die Stam van Levi, die "*Beskermheilige*" van Ierland is (die eerste "*Sint Patrick*") en dat na Ierland verwys word as die "*Smarageiland*"?

Onthou ook dat IsraEl en Juda in ongeveer 945 v.M. verdeel het. Juda en IsraEl het aparte konings gehad. Toe die Huis van IsraEl in ballingskap gegaan het, het hulle nie meer 'n koning gehad nie, totdat hulle herenig is met die Huis van Juda in ongeveer die tyd van Alfred (± 850 n.M.) Dit is die begin van die vervulling van die Profesieë waarin IsraEl en Juda (eens vervreemd van mekaar) herenig sou word en een koning oor hulle aanstel en "*saam sal kom uit die Noordland*" - (**Jeremia 3:18** en **Hoséa 1:11**).

Die koninklike stam van Juda was verdeel tussen Juda se twee seuns, Serag en Peres en die stam van Serag was weer verdeel tussen sy twee seuns, Dara en Kalkol (**1 Kronieke 2:6**). Tea Tephi het uit die Peres-genelyn gestam en sy het met Koning Eochaidh getrou⁷¹, wat op sy beurt weer gestam het uit die Kalkol-Serag-Judalyn. Dus is die helfte van Serag weer met Peres verenig. Dit was ook nie voordat Koningin Victoria (wat navorsing gedoen het aangaande haar voorgeslagte tot by Koning Dawid) met Prins Albert in die huwelik getree het dat die hele Koninklike stam van Juda weer eens herenig is met die Dara-Serag-Judagenelyn nie. Sedert al die Konings en Koninginne van Europa deur Prins Albert (die Dara-Judalyn) verenig is met die Konings en Koninginne van Skotland en Ierland deur Victoria (Kalkol-Judalyn), is die hele IsraEl weer herenig om die huidige VERENIGDE KONINKRYK te vorm.

Die groter deel van IsraEl, naamlik die wat uit hul land weggevoer is (in teenstelling met die wat al eeue vantevore hul eie land verlaat het) was sonder offisiële Koning of Priester vanaf 781 tot 712 v.M. toe hulle oorwin is deur Assirië, tot ongeveer 850-900 n.M. ongeveer die tyd van **Alfred die Grote**, die eerste Koning van die hele Engeland. Alfred was 'n Elohimvresende Koning wat die wette van Engeland gegrond het op die Wette van die Bybel. Hy het ook self die Heilige Skrifte in Angel-Saksies vertaal en hy was ook daarvan bewus dat die Angel-Saksers die IsraEliete van die Bybel is. Vantevore was die meerderheid van IsraEl (die nageslagte van die ballinge) sonder Koning, sonder visie en in blindheid, sonder Elohim se leiding, as gevolg van die feit dat hulle hul te midde van 'n strafgerig bevind het - kan daar 'n meer grondige rede wees om so 'n tydperk "*die Donker Eeue*" te noem? Haberman beweer dat die Latynse woord "**Kimmeriërs**" se betekenis "**donkerheid**" is (bl. 121). Die

71 Van wie al die Konings en Koninginne van Ierland en Skotland afstam.

Skiete is met beide hierdie name genoem - “*Skiete*” sowel as “*Kimmeriërs*” en onder hierdie twee rasname is al die subrasse (Gote, Kelte, ensovoorts) gegroepeer. Kan dit dus toeval wees dat die Israëliete ten tye van hul straf en blindheid “*Kimmeriërs*” genoem is - **hulle wat “in die donkerheid is”?**

Soos ons reeds gesien het, het die Hemelse Vader **gesweer** dat die volk van IsraëI **vir ewig** ‘n koning uit die Stam van Juda sou hê en spesifiek ‘n **erfgenaam van Dawid wat op die troon oor IsraëI** sou regeer. Tog het die Jode geen koning of koningin nie, terwyl die Europese nasies nog **altyd** deur al hul geslagte heen **monargieë** gehad het. Is dit toevallig dat Koningin Victoria haar voorgeslagte se spoor gevolg het tot by Koning Dawid en dat die huidige Koningin Elizabeth se naam “*eed van Elohim*”, beteken?

Baie interessant is die feit dat die Angel-Saksiese nedersetters agt verskillende kleiner Koninkrykies opgerig het toe hulle hul aanvanklik in Engeland gaan vestig het, met die gevolg dat Engeland vir ‘n tyd lank die naam van “**Oktargië**” (Eng - “*Ochtargy*”) gedra het. In 800 n.M. is hierdie agt Koninkryke verenig as een Koninkryk.⁷² Engeland het self egter ook met Ierland, Skotland en Wallis verenig geraak en selfs verder met Duitsland (Juda) toe die Huis van Windsor (Engeland) by die Huis van Hanover (Duitsland) aangesluit het. Die titels “*Verenigde Koninkryk*” en “*Groot Brittanje*” is dus veelseggend, omdat die Hemelse Vader met ‘n eed belowe het dat IsraëI weer eendag met Juda sou herenig en dat IsraëI ‘n **groot nasie** en ‘n **geselskap van nasies** sou word. In die lig daarvan dat ons binnekort die werklike betekenis van die woorde “*Angel, Saksers, Jut, Germaan, Skot, Ierland, Brittanje,*” ensovoorts gaan snap, sal dit nog meer beduidend word.

Dit is selfs ook interessant om agter te kom dat die wedywing tussen die Huis van IsraëI en die Huis van Juda nog steeds bestaan al het IsraëI en Juda herenig. Die Vader het selfs verklaar dat **Brittanje (Efraim - IsraëI)** en die **Verenigde State (Manasse - IsraëI)** sou verenig om saam teen **Duitsland (Juda)** te veg.⁷³

Sommige sal dalk hierdie aanspraak wil betwis, naamlik dat die Britse Monargie ‘n Goddelike Aanstelling was en die werklike Troon van IsraëI van Koning Dawid is. Sommige mag daarmee verskil aangesien die voortbestaan van die Amerikaners as volk juis die gevolg is van die feit dat ons voorvaders ontkom het aan die tirannie van die Britse Kroon. Daar bestaan geen twyfel dat baie van die Engelse, Ierse en Skotse Konings goddeloos was nie. Nietemin - die feit dat ons die Britse Troon kan nagaan tot op die Troon van Koning Dawid, verander niks aan die teenwoordigheid van sonde in hierdie

⁷² Die belangrikheid van die getal 8 in die Skrif is dat dit die simbool is van ‘n siklus van ‘n nuwe begin.
⁷³ **Jesaja 9:20.**

wêreld nie. Baie van die Judese en Israelse Konings was baie boos - sommige baie erger nog as sommige van die Konings van Engeland. Om die waarheid te sê - die bose Konings van Israel en Juda was baie meer as dié wat regverdig was. Dit behoort ook gladnie snaaks te wees nie, aangesien ons slegs dit kry waarvoor ons vra. Ons Israëlvaders het die Goddelike Teokratiese Regering nie aanvaar nie en hulle wou ook 'n Koning hê soos al die ander nasies. Hoe dwaas om dit wat **uniek, volmaak en foutloos** was, dit wat niemand anders ooit sou kon hê nie, te verwerp en met ope arms dit te aanvaar wat algemeen, foutief en onbetroubaar is! Is dit nie maar wat ons altyd doen nie? Is dit nie wat ons in Amerika gedoen het nie? Het ons nie ons rug gedraai op die Konstitusie (grondwet) en die Bybel en het soos al die ander volke geword nie? Is hierdie de facto "*regering*", waarvan die mag in die hande van vreemdes is, wat ons nasie gevange hou, nie netso boos soos die wreedste tiranie van die Kroon nie? Die mens is van nature boos. Dit neem slegs 'n kort tydjie voordat selfs die hoogs ontwikkelde regering korrup raak. Al is sommige mense boos en dinge nie altyd wat dit behoort te wees nie, doen dit nog nie afbreuk aan die egtheid van die fondasie van ons Konstitusionele Republiek nie. Dit is presies dieselfde met die Britse Kroon. Ons voorgeslagte het Elohim se Regering verwerp en wou toe 'n Koning hê. Elohim het aan hulle 'n Koning gegee en daarom het ons almal gely (selfs diegene onder ons wat so mislei is om te dink dat ons regeringsmanne werklik deur ons uitgevoer is.)

Ons sal maar sulke tirannie verduur tot op daardie besondere dag wanneer JaHWèshua die Troon van Dawid sal bestyg om die Teokrasie te herstel en ons te leer hoe alle dinge in volkome geregtigheid regeer behoort te word.

Israel - 'n seën vir die hele wêreld.

Die Hemelse Vader sê dat al die besondere nasies van die wêreld deur Sy volk Israel geseën sal word.

Génesis 12:3: *"En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word."*

Génesis 28:14: *"... en jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde, en jy sal uitbrei na die weste en ooste, en na die noorde en suide, en in jou en jou nageslag sal al die geslagte van die aarde geseën word."*

(Sien ook - **Galasiërs 3:8(b)**: *"in jou sal al die volke geseën word"* of *"in jou sal al die dié volke geseën word"*, oftewel *"in jou sal al die besondere volke geseën word"* as 'n meer korrekte vertaling vir die Grieks "**panta ta ethne**" - Redaksie)

Watter enkele volk is vir al die ander volke tot seën? Deur watter enkele volk is ongeveer alle uitvindings en ontdekkings gemaak en die lewenskwaliteit verhoog tot op die vlak wat ons vandag kan geniet? Watter volk het dit voorts nie vir hulself gehou nie, maar die rykdom van kennis en seëninge met ander gedeel ... met dié in nood en selfs met hul vyande? Daar is slegs een volkerefamilie wat aan hierdie beskrywing voldoen in terme van Bybelse profesie, geskiedenis of huidige realiteite: die Germaanse volke (in eenvoudiger taal, die Blanke ras).

Inteendeel, het die Jode al die nasies van die aarde geseën of het hulle seën geëis van hulle? Verder was die Jode instrumenteel in die demoralisasie en vernietiging van hierdie nasies.

IsraEl - 'n regverdige, gestuurde volk.

Dit was bestem dat die IsraEliete 'n sendingvolk sou wees wat Elohim se Woord eer, 'n nasie van Priesters sou wees en 'n heilige volk wie se wette op die Bybel gebaseer is. Nogtans het die "Jode" daarin geslaag dat Gebed, Skriflesing en die Tien Gebooie vreemd geraak het in die Hoërskole en die meeste publieke plekke en dat die ander Bybelse, morele wette van ons land omvergewerp is. Dit klink verseker nie asof dit Elohim se IsraElvolk is nie. Aan die anderkant het die Germaanse volke vanaf hul vroegste opgetekende geskiedenis al Elohim se Woord gehad⁷⁴, hulle het die Bybel vertaal in bykans 'n duisend tale⁷⁵ en is verantwoordelik vir meer as 99,9% van die wêreld se sendingpogings. Watter ander volke vervul hierdie profesie - doen die Jode sendingwerk, of die Chinese, of die Arabiere of die Indiërs of die Swart nasies?

IsraEl - 'n Gasvrye volk.

Die Hemelse Vader het opdrag gegee dat die IsraEliete moet omsien na vreemdelinge van hul eie volk wat in hul land vertoef - **Levitikus 19:33 en 34**: *"En as 'n vreemdeling by jou in julle land vertoef, mag julle hom nie verdruk nie."* (34) *"Die vreemdeling wat by julle vertoef, moet vir julle wees soos 'n kind van die land wat onder julle is. En jy moet hom liefhê soos jouself, want julle was vreemdelinge in Egipteland. Ek is JaHWeH julle Elohim"* en **Matthéüs 25:31-46**: *"En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid*

74 Dit is bekend dat die Gotiese volke die Woord al so vroeg as 350 n.M. in hul eie tale gehad het. Wulfila (Ulfilas), 'n Gotiese Biskop, wat in 341 n.M. ingeseën is, het die Skrif in Goties vertaal. Hy word ook erken as die daarsteller van die Gotiese alfabet met die oog op daardie vertaling.

75 Dikwels moes hulle eers die tale van daardie volke ontwikkel en 'n geskrewe vorm daarvan skep.

kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit;” (32) “en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei;” (33) “en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit.” (34) “Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af.” (35) “Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was ’n vreemdeling, en julle het My herberg gegee;” (36) “Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom.” (37) “Dan sal die regverdige Hom antwoord en sê: Meester, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee?” (38) “En wanneer het ons U ’n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee?” (39) “En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom?” (40) “En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen.” (41) “Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.” (42) “Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie.” (43) “Ek was ’n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie.” (44) “Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Meester, wanneer het ons U honger gesien of dors of ’n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie?” (45) “Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.” (46) “En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdige in die ewige lewe.”

Hulle moes ook goedhartig wees teenoor vreemdes van ander volke in hul land, indien dié hulself onderwerp het aan die regverdige regering van IsraEl.⁷⁶ Die Germaanse volke staan juis bekend vir hul gasvryheid jeens hul bloedverwante en hiervan is Amerika ’n skitterende voorbeeld. Aan die ander kant word die Russiese *Jode* wat Rusland verlaat om na Palestina te gaan, soos vuilgoed behandel en die meeste van hulle gaan dan uiteindelik na Amerika of keer maar terug na die Sowjet Unie.⁷⁷ Om die waarheid te sê - die meeste siende-blinde Christene is onder die indruk dat die massa-verhuising van Russiese *Jode* na Palestina die vervulling is van die profesie aangaande die herversameling van IsraEl, terwyl dit slegs ’n slim set is. Die groot meerderheid *Jode* wat Rusland verlaat, gebruik Palestina slegs as ’n stap om

⁷⁶ Deuteronomium20:10-18.

⁷⁷ Dit word gesê dat dieselfde lot Amerikaanse “*Jode*” tref en dit is deur “*Jode*” self gedokumenteer. Een besondere titel is, “*The life of an American Jew in Racist, Marxist IsraEl*” deur Jack Bernstein. Nog oorvloedige getuienisse is beskikbaar in “*Joodse*” tydskrifte.

nader te kom aan Amerika of ander Christenlande. Hulle wil nie in die omgewing van hulle eie mense wees nie. Hulle weet ook dat daar geen veiligheid kan wees buite die grense van lande van die Blanke volke nie. Meer *Jode* verlaat Palestina jaarliks as wat daar *Jode* die land binnegaan. Daar is meer *Jode* in New Yorkstad of Suid-Florida as in Palestina. Die herversameling van die ware IsraEl (die Germaanse volke) sal nie plaasvind voordat die Messias na Sy volk toe teruggekeer het nie en Hy sal slegs terugkeer wanneer hulle hul sondes bely en na Sy Weë teruggekeer het. Die *Jode* het dus daarin geslaag om die deursnee Christene te laat glo dat hulle (die *Jode*) die uitverkore volk van Elohim is en op hierdie wyse "*kom hulle weg met moord*", aangesien hierdie Christene daarvan oortuig is dat hulle ondersteuning na die *Jode* moet gaan, terwyl dié in der waarheid Sy mees gedugte vyande is.

Nie alleen is die Blanke volke gasvry teenoor hul bloedverwante nie, maar al te dikwels - tot hulle eie nadeel - ook teenoor dié wat nie van hul eie ras is nie en selfs hul vyande is. Geen ander ras ter wêreld laat sommer enige vreemde volk toe om sy land in hul massas binne te kom, burgerskap te bekom, behandeling te ontvang soortgelyk aan of selfs beter as dié wat die landsburgers ontvang nie en betaal dan nog terselfdertyd vir hul onderwys, lewenskoste en gesondheidsdienste nie! Inteendeel - in Palestina het niemand anders behalwe die *Jode* enige regte nie en alles word gedoen om ander volke daaruit te hou (behalwe Blanke Christentoeriste wat vir 'n kort rukkie kom en geld spandeer - en hulle is welkom vir so lank as wat hulle geld hou).

IsraEl, 'n lerende volk.

Die Hemelse Vader het voorts ook gesê dat IsraEl die ander nasies sal onderrig. Dit is werklik slegs die Blanke ras wat tot nou toe nog beskawing en kultuur na die ander volke gebring het. Germaanse sendelinge het die wêreld ingegaan, tale ontwikkel, geskiedenis neergeskryf, onderrig gegee aangaande medisyne, landbou, godsdiens, veeboerdery, boukonstruksie, industrie, tegnologie, moraliteit, diplomatie, reg, ensovoorts. Dit is die Blanke nasies wat alle ander nasies toelaat om na hul land te kom om tegnologie en medisyne te bestudeer, maar die hartseer van die saak is dat hierdie mense selde indien ooit, na hul eie lande terugkeer om hul eie mense te onderrig. Nee - hulle leef veel eerder in gemak, weelde en veiligheid tussen die Blanke volke. Dit is dan die rede waarom die medelydende Blankes na hulpbehoewende lande gaan en hulp en onderrig verleen. Doen die *Jode* of ander volke dit ook?

IsraEl, 'n Barmhartige en Beskermende Nasie.

Elohim se ware IsraElvolk sou 'n barmhartige volk wees, tot seën vir diegene wat in nood verkeer en sou selfs slawe vrystel ⁷⁸

Daar moet ook kennis geneem word dat Elohim Josef in Egipte gebruik het om die hele IsraEl van hongersnood en dood te red. Die stam van Josef is 'n spesiale stam, want dit was tussen Josef se twee seuns, Efraim en Manasse, verdeel, wie die mees prominente stamme van die Huis van IsraEl was. Soos geskiedenis die manier het om homself te herhaal, is Efraim en Manasse (die Stam van Josef) gedurig deur Elohim gebruik om die hele IsraEl (die blanke nasies), en die hele wêreld¹⁷⁵ te red van alle soorte hongersnood, oorloë, ellendes en natuurlike rampe. Eintlik is dit die Verenigde State van Amerika wat die hele wêreld gevoed het, net soos Josef deur Elohim gebruik is om IsraEl en die wêreld gedurende die tyd van hulle honger-snood te voed.

Dit moet uitgewys word dat, alhoewel daar duidelik baie verskillende volke in die verskeie moderne nasies van IsraEl verteenwoordig word, elke nasie deur 'n afsonderlike stam verteenwoordig is en hulle kan net gesorteer word, deur hierdie nasies met die profesieë van die Skrif te vergelyk, asook die karaktertrekke van die stamme. Daar word nie ge-

171 Sien die preek deur Eerw. Jonathan French wat gegee is op 29 November 1798 soos verhaal is in *"The Christian History of The American Revolution"*, deur Hall.


172 **Genesis 49:26b; Deuteronomium 33:16b; Psalm 80:2.**

173 Sowel as die ander nasies onder die Koninklike kroon: Kanada, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika.

174 Die tonnel wat onder die Engelse kanaal gebou word wat Engeland met Europa met massa transportasie sal verbind.

175 In die Bybel, Egipte is 'n simbool vir die wêreld.

stry dat die Blanke volke grootliks met mekaar ondertrou het nie, so dit sal lyk asof hulle nie meer uitgeken kan word nie. Dit is egter nie die geval nie. In die Boek van Openbaring, word aan ons gesê dat daar 12 000 getuies van elk van die twaalf stamme van IsraEl verseël is en die Messias het vir Sy Apostels gesê dat hulle in die Koninkryk in posisies van mag aangestel gaan word waar hulle die Twaalf Stamme van IsraEl sal oordeel.¹⁷⁶ Al kan ons nie verstaan hoe Elohim op die spoor van almal bly nie, Hy weet wie is wie. Sy Woord sal vervul word.



Die simbole van hierdie vroeë Koloniale vlae was leeus, troepe, kastele en hekke, perde en ruiters, 'n arend, 'n gerf van koring, en interessant genoeg, Dawid en Goliat. Die meeste van die slagspreuke in Latyn het 'n sentrale tema, naamlik vertroue in Elohim en dat die Messias die Leier of Soewereine Heerser is.

Een leuse is veral interessant en dit is: "**JaHWeH-Nissi: JaHWeH Our Banner.**"¹⁷⁸ Vroeë Koloniale Vlae van die Verenigde State (ongeveer 1747).¹⁷⁷

Een van die mees bekende vroeë Amerikaanse vlae is die Massachussetts Vlootvlag van die Amerikaanse Revolusie in 1776 wat 'n groen denneboom en slang bevat het met die leuse, "*n Beroep op Elohim*"¹⁷⁹ – *Moenie op my trap nie.*" Ander bekende vlae van hierdie tydperk bevat ook slange met die leuse, "*Moenie op my trap nie.*" Die Fort Moultry Vlag van 1775 het 'n blou veld met 'n wit sekelmaan op met die leuse "*Vryheid*".

¹⁷⁶ Openbaring 7:5-8; Matthéüs 19:28.


¹⁷⁷ geneem van bladsy 309, Vol 11, "*Encyclopedia Americana*", 1950.

¹⁷⁸ Exodus 17:15.

¹⁷⁹ Sommige weergawes van hierdie vlag lees: "*An Appeal to Heaven.*"

HOOFSTUK 11

Skandinawië.



Die vlae van Skandinawië is kruise wat op hul sy lê. Die rede hiervoor is omdat die vlae oorspronklik van 'n dwarshout bo-op 'n paal uitgestrek is (op hierdie manier was die vlag se simbool altyd sigbaar, of die wind gewaai het of nie.) Die volle prag hiervan was by die onlangse Olimpiese Spele gewys waar hierdie Skandinawiese vlae omhoog gehys is in hulle oorspronklike posisie. Terwyl al die ander lande se vlae vreemd gelyk het toe hulle in die normale omgekeerde posisie gehys is, het die Skandinawiese vlae heeltemal normaal gelyk – eintlik was dit 'n roerende gesig. [Die vlae bo, van links na regs is: Noorweë, Ysland, Swede, Denemarke en Finland.]



Noorweë.

Al is die **Leeu** die hoofsimbool in die moderne wapenschild van Noorweë, is die **Wolf** ook 'n ou simbool van Noorweë en die Normandiërs. Die strydbyl is ook een van die hoofsimbole van die Koninkryk van Noorweë (*Kongeriket Norge*). Die simbool van die leeu, sowel as die arend in Noorweë, dateer terug na die laat 1100's. In "*European Race Origins*" sê **Professor Hannay** dat 'n deel van die stam van Benjamin die Ooste om en by 300 n.M. verlaat het en mi-

greer het na wat nou Noorweë is. In *“The Wikings”* (1972) meld La Fay dat die pre-Wiking Noorde ‘n selfbestaande gemeenskap was ... Swede, Noorweërs en Dene het dieselfde taal gepraat, dieselfde kultuur gedeel - (bl. 22). Runiese karakters het eers in ongeveer 200 n.M. in Skandinawië verskyn. Daar word gesê dat die Runiese Alfabet uit die Romeinse en Griekse alfabette ontstaan het. Omdat die Grieke uit Griekeland na Denemarke getrek het, is dit heelwaarskynlik uit Griekeland afkomstig. Dit lyk egter ook waarskynlik dat die Runiese Alfabet uit die Puniese Alfabet gekom het (soos wat hulle name duidelik op een of ander verwantskap wys), wat die Feniciëse dialek van Carthago is. Ons weet dat beide die Feniciërs en Wikings oor die wêreld heen geseil het; en dat hulle albei kolonies in die Britse Eilande en langs die strande van Italië, Spanje en Portugal agtergelaat het. Kan daar enige twyfel bestaan dat hulle een en dieselfde is? Selfs hulle fisiese beskrywings is dieselfde. Hulle was altwee die beste skeepsbouers van hulle tyd. Ons word vertel dat die skepe van die Wikings¹⁸⁰ so perfek ontwerp is, dat dit selfs met moderne tegnologie nie moontlik is om ‘n beter seevaardige vaartuig van sy tipe te bou nie. Die Wikings het hulle skepe sonder enige bloudrukke of planne gebou – bloot deur dit *“met die oog”* te bou. Vandag nog hou een of twee mense in die hele Skandinawië hierdie sterwende kuns lewendig – deur bote sonder enige bloudrukke te bou – bloot deur hulle met die oog te bou; met die gebruik van ‘n eenvoudige tuisvervaardigde, handgesmeede handbyl en deur gebruik te maak van die amper vergete Noorse maat wat die *alen* (omtrek 21 duim) genoem word.

Noorweë was grootliks verantwoordelik vir die kolonisering van Ysland, die Orkadiese Eilande, Shetlande, Faeroes, Hebrides en die Man Eiland. Die Faeroes Eilande en die Man Eiland het hulle Noorse tale behou; Faeroes en Manx, onderskeidelik. In *“The Vikings”* meld La Fay ‘n baie insiggewende stukkie inligting in verband met die Faeroes Eilande:

In die dorp van Kvívík on Sremoy, het ek besoek gebring aan ‘n Faeroese volksvader, die 92-jarige Grackaris Madsen. Pas uit sy slaap ontwaak, het Mnr. Madsen my, in tradisionele drag geklee, ontvang - ‘n swart kortbroek en ‘n swart onderbaadjie wat met silwer knope afgerond is. Hy was geïnteresseerd om te verneem dat ek ‘n Amerikaner is. Hy het gesê dat New York Stad een van die name van hulle munisipaliteite, die Bronx, van ‘n Faeroesiër, Jonas Bronck gekry het.

Mnr. Madsen verpersoonlik die lang aaneenlopendheid van die Faeroese kultuur en die volharding waarmee die eilanders dit gedurende eeue van Deense heerskappy versorg het. Hy het vertel dat toe hy ‘n seun was, hulle nie ‘n skool in Kvívík gehad nie. Nie een nie. *“My oupa het my leer lees en skryf en om die Wette van Elohim te gehoorsaam. ”Hy het gesê, ‘Eer jou vader en jou moeder, en al die voorvaders van die heel eerstes wat hier kom woon het, en jy sal lank in die land woon.’ Dit is wat ek probeer het om te doen.”* (bl. 119.) [beklemtoning myne.]

180 Ook interessant genoem, *“Draak Skepe”*.



*Ysland.*¹⁸¹

Een van die oudste simbole van Ysland is die **Wolf**. Daar is gesê dat dit een van die baniere was waaronder Willem die Verowenaar die hawe binnegekom het om Engeland te verslaan. Dit was die simbool en ook die naam van Willem se broerskind. Die valk en die horing is ook simbole van Ysland. Die Wapenskild van Ysland bevat 'n bul, 'n arend, 'n draak, en 'n man. Hierdie vier simbole van Ysland, die bul, die arend, die draak (leeu) en man is die eerste simbole van die brigades van IsraEi, soos ook beskryf in Esegïel en Openbaring. Daar word gesê dat die draak eers 'n leeu was wat op een of ander tyd na 'n draak verander is. Die draak kan beskou word as 'n kombinasie van 'n leeu, 'n slang en 'n arend – drie van die vier simbole van die vier Brigades van IsraEi. Die Slang self is 'n simbool vir die stam van Dan.¹⁸² Hierdie vervanging van 'n draak oor die oorspronklike leeu het ook in Wallis plaasgevind. Soos alreeds genoem, kan die draak 'n oorblyfsel van die groter simbool van St. George wees wat besig is om 'n draak dood te maak. Dit is ook moontlik dat die slang 'n oorblyfsel kan wees van die koperslang wat Elohim Moses beveel het om op 'n paal vas te maak.¹⁸³

Ons kom nou by Ysland se voorgeslagte as die stam van Benjamin. Benjamin is 'n unieke stam; 'n spesiale stam wat Elohim tot Sy eer apart gestel het om 'n lig vir Juda, asook vir die res van IsraEi te wees. Benjamin, die jonger broer van Josef, was Josef se gunsteling broer, want hulle het dieselfde moeder gehad.¹⁸⁴

Die Stam van Benjamin is vandag hoofsaaklik deur Ysland verteenwoordig.

181 Informasie aangaande Ysland deels uit "*Iceland's Great Inheritance*" (1937) geneem, deur Adam Rutherford, F.R.G.S., A.M. Inst. T. en van "*The Encyclopedia Americana*" (1950), The American Corporation, New York, Volume 14.

182 **Génesis 49:17.**

183 **Númeri 21;** Ou Ierse registers dui ook aan dat die vroeë Iere hierdie einste staf gehad het toe hulle na Ierland gekom het.

Die Skrif sê dat die woonplek van die Troon van Dawid tussen die grense van Juda en Benjamin moes wees.¹⁸⁵ Engeland (waar die Troon van Dawid is) is tussen die grense van Duitsland (Juda) en Ysland (Benjamin). Die Skrif verklaar dat Benjamin in veiligheid moet woon.¹⁸⁶ Ysland het vir eeue nie 'n sent op nasionale verdediging gespandeer nie en was nooit deur 'n ander nasie aangeval nie. Die Skrif sê dat Benjamin tussen die skouers van Efraim en Manasse moes vertoef;¹⁸⁷ en Ysland se ligging is bokant Engeland (Efraim) en Amerika (Manasse) - die skouers (mag) van die wêreld.

Benjamin sou die ligdraende stam vir Juda en die hele IsraEl wees, deur die pad aan te wys.¹⁸⁸ Van die twaalf Apostels, was net Judas Iskariot 'n Edomiet. Die ander Apostels¹⁸⁹ was van die stam van Benjamin; ook Matthias.¹⁹⁰ Hoe passend dat die Messias aan hulle gesê het: "*Julle is die lig van die wêreld.*"¹⁹¹ Dit was hierdie ligdraende Benjaminsiete wat dan die Evangelie na haar verstrooide IsraEl broeders in die wêreld geneem het. Omdat Elohim Benjamin verkies het om die ligdraende stam te wees, is dit net van pas dat die elf ware Apostels¹⁹² en die Apostel Matthias almal Benjaminsiete was.

In Sy voorkennis en getrouheid, het Elohim selfs 'n weg gebaan om die stam van Benjamin te bewaar – wat eenkeer amper in 'n stamoorlog tussen die IsraEliete uitgewis is¹⁹³ – sodat Benjamin altyd daar sou wees om die pad uit die duisternis te lei. Voordat die Babiloniërs gekom het om Juda en Benjamin te verslaan en weg te voer, het Elohim die Benjaminsiete gewaarsku om uit Jerusalem weg te vlug¹⁹⁴ en baie van hulle het. Dit word deur Josephus bevestig.¹⁹⁵ Toe dit veilig was, het hierdie Benjaminsiete later teruggekeer en die noordelike landstreek van IsraEl in Galiléa bevolk. Onder die opskrif *Galiléa*, meld die "***Temple Dictionary of The Bible***", dat die terme, Galiléërs en Benjaminsiete identies is. **Professor H.B. Hannay** meld ook dat die Galiléërs van Klein-Asië, Benjaminsiete was, wie gevangenskap in Babilon en Medië vrygespring het. Die naam *Galatia* wat van die Babiloniese woord, *Galutha* afkomstig is, beteken "*gevangene*" - (Haberman, bl. 144). Daar is 'n provinsie

184 Josef en Benjamin was die seuns van Jakob en Ragel; die ander Tien Stamme van IsraEl was die seuns van Ragel se slavin Bilha (Dan en Naftali); en seuns van Ragel se suster Lea (Reuben, Simeon, Levi, Juda, Issaskar, Sebulon); en seuns van Lea se slavin Silpa (Gad, Aser).
185 **Eségiël 48:22.**
186 **Deuteronomium 33:12**
187 **Deuteronomium 33:12; Psalm 80:2.**
188 **1 Konings 11:35, 36; 15:4; 1 Kronieke 21:6.**
189 (Andreas, Simon (Petrus), Jakobus en Johannes die seuns van Sebedetüs, Filippus en Bartholomeüs, Matthéüs, Thomas, Jakobus seun van Alféüs, Simon Kananites, en Judas broer van Jakobus)
190 Die Apostel wat Judas Iskariot vervang het.
191 **Matthéüs 5:14.**
192 Daar was baie dissipels: 70 is in **Lukas 10:1, 17** en 120 in **Handelinge 1:15** vermeld; asook baie meer in **6:1-7** ensovoorts. Al was daar baie dissipels, die Twaalf Apostels was die wie JaHWëshua geskies het om die binnekring van leerlinge te wees; wie die Messias persoonlik geleer en toesig oor gehou het, terwyl Hy tussen hulle geleef het. Die verskil tussen 'n Dissipel en 'n Apostel, is dat die Apostels die was wie JaHWëshua die Messias na Sy opstanding gesien het.
193 **Rigters 20, 21.**
194 **Jeremia 6:1.**
195 **Wars, 11, 19, 7.**

in suid-oos Pole en die noord-westelike Oekraïne, wat *Galicja* genoem word. Hierdie is die algemene gebied waar die Skitiese Israëliete hulle gevestig het nadat hulle gevangenskap verlaat het. Hierdie gebied is ook bekend as *die Krim* of *Skitië*. Daar is ook 'n streek in noord-westelike Spanje wat *Galicja* genoem word, wie se ou naam *Gallaecia* was. Is dit toevallig dat 'n streek van noord-westelike Spanje aangrensend aan Frankryk *Galicja* genoem is? In "***Drama of the Lost Disciples***" (1961) toon George F. Jowett aan dat dit ondersteun is deur: St. Epiphanius (315-407 n.M.); Theodoret (393-458 n.M.); Kardinaal Baronius (1538-1607); en Eerw. Lionel Smithett Lewis, M.A.¹⁹⁶ (bl. 66). Tertullian (155-222 n.M.) het ook verklaar dat verskeie dele van Gallië (sowel as Spanje en Brittanje) die geloof van die Messias ontvang het.¹⁹⁷ Dit lyk nie te vergesog dat 'n kerkvader omtrent een honderd jaar later sou meld dat die streek van Frankryk, Galasië alreeds die geloof van die Messias ontvang het nie.

Om later hierdie oorblywende Benjamins te spaar, het die Messias hulle dieselfde waarskuwing gegee om te vlug voordat die Romeine Jerusalem sou plunder in 70 n.M.¹⁹⁸ In "***Israel's Wanderings***" sê W.H.M. Milner: "*Die Asiatiese*¹⁹⁹ *Christene (van Klein-Asië) van die eerste twee eeue was hoofsaaklik van die stam van Benjamin.*" Die Benjamins het uiteindelik noord getrek en was as *Daciërs* bekend waar hulle hul in Skandinawië gevestig het. In "***Historia Ecclesiae***"²⁰⁰ is dit deur Eusebius bevestig.

Die Yslandse taal is een van die suiwerste Europese tale.²⁰¹ 'n Taalkundige neef van Engels ('n Germaanse taal), en is ook baie deur Engels beïnvloed. Baie van die belangrikste woorde in Engels is Yslands, byvoorbeeld: "father, mother, brother, sister, ill, glad, die, ensovoorts. Ysland het in 1117 met die produksie van letterkunde begin en was een van die eerste Europese lande om in hulle eie taal te skryf. Voor dit was amper alles in Latyn geskryf en is die gewone persoon in die duister gehou. Die eerste boek wat in Ysland gepubliseer was, het die Wette van Ysland bevat; en die tweede boek, sy Geskiedenis. Hierna het Ysland gou meer boeke per capita begin produseer as enige ander land in die wêreld. Is dit net per toeval dat die heel eerste boeke van die Bybel, die Wet en Geskiedenis van Israël is?

Die mense van Ysland het, as 'n duidelike voorbeeld vir die res van Israël, die

196 Oorlede Vikaris van Glastonbury, gesien as die voorste historikus van sy tyd. Hierdie is ook getuig deur Biskop Lightfoot; (sien "*Drama of the Lost Disciples*"; voetnota bl. 46).

197 Sien Tertullian *De Fidei*; bl. 179.

198 **Lukas 21:20-24.**

199 Hierdie is alleenlik 'n geografiese benaming; die streek was Klein-Asië; maar al die areas waarna die Paulus op sy sending reis gegaan het (daardie mense aan wie hy sy briewe geskryf het) die Efesiërs, Filippense, Kolossense, Thessalonicense, ensovoorts, sowel as die Bereane, manne van Antiochië en ander – almal was Israëliete).

200 Boek 111, 5, 2.

201 Moontlik tweede aan Litous.

suiverheid van hulle ras behou en het van gemengde huwelike weggebly. Hulle is die enigste Germaanse volk wat nog ongeveer 99% blank is en het verder, volgens IsraEl-tradisie, hulle ingewikkelde stambome gehou. Dr. Jón Stephásson sê: *“Ons besit die registers en stambome van honderde van die mees prominente setlaars, in die ‘Book of Landtakes’ (Land-námabók). Geen ander volk besit sulke volledige en gedetailleerde registers van sy ontstaan nie.”* Dit is opgeteken dat Adam Rutherford, F.R.G.S., A.M. Inst. T., teenwoordig was op die dag van Ysland se onafhanklikheidswording en dat baie Yslanders in die Parlement teenoor hom erken het dat hulle weet dat hulle van Benjamin afstam.

Die Stam van Benjamin was die kleinste stam van IsraEl en Ysland is die kleinste Blanke volk. Benjamin was die jongste seun van Jakob; en Ysland was die laaste Europese land om gevestig te word (9de eeu n.M.), die laaste volk om gestig te word (1918), en die laaste om onafhanklik te word (1941) - wat dit die jongste Europese volk maak. Op ‘n keer in Benjamin se geskiedenis, was hierdie stam in een dag van 26,000 man na 600 man verminder.²⁰² Op dieselfde manier, was Ysland gedurende 1783-1801 van 100,000 mense na 47,000 mense verminder as gevolg van hongersnood en epidemies.

Wat vandag hartseer is, is dat net soos die einde van hierdie eeu nader, dit lyk asof die vlam van die Benjaminitiese Yslanders besig is om te verdof. Dit is opgeteken dat ‘n groot hoeveelheid van die jeug alkoholiste is - ook diegene onder die wettige drankgebruik ouderdom. Baie beweer dat dit die resultaat is van rusteloosheid en verveeldheid - as gevolg van die maande van duisternis wat hulle in hulle streek in die winter ondervind omdat die son laer in dié halfmond is. Dit is meer waarskynlik as gevolg van hulle verlatting van die vrome Lutherse erfenis waarin hulle groot gemaak is, want hulle het die liberale en verrottende leefstyl van materialisme en losbandigheid wat van die Weste ingevoer is, aangegryp. Baie jeugdige in Ysland sê dat hulle geen doel in die lewe voel nie en selfmoord is ook ‘n probleem. *“Sacred Truth Ministries”* voel ‘n diep beswaardheid vir hierdie goeie mense. STM wil baie graag begin om Engelse Bybels en afdrukke van *“Your Inheritance”* na Ysland toe te stuur, sodat hierdie jong (asook ouer) mense die ware doel van die lewe kan insien en die Messias, wat Ware Lewe en Lig is, kan soek. Indien u STM graag wil help om hierdie wonderlike Boodskap van die Koninkryk in Ysland te versprei sodat hulle miskien weer uit die duister geroep kan word na Sy Wonderlike Lig toe,²⁰³ sal donasies na hierdie tak van bediening baie waardeer word.

202 Rigters 20:15-35.

Snaaks genoeg is Ysland - die land van die Benjamins, die lig-draende stam - ook geografies as **Ring van Vuur** en die **Land van Vuur** bekend, want dit bevat 'n paar van die mees aktiewe vulkane op die oppervlakte van die aarde. Eintlik is die hele Eiland van Ysland deur 'n vulkaniese uitbarsting en lawavloei gevorm.

Die baie warmwaterbronne en spuitbronne in die land is die resultaat van die vulkaniese aktiwiteit onder die oppervlak. Verder is hierdie die land van die Noorderlig, die **Aurora Borealis**. Hoe insiggewend dat die profeet Jesaja verklaar het: *“Hulle daar hef hul stem op, hulle jubel; vanweë die majesteit van JaHWeH juig hulle van die see af: Daarom, eer JaHWeH in die lande van die son, op die kuslande van die see die Naam van JaHWeH, die Elohey van Isra-El! Van die einde van die aarde af hoor ons lofgesange: Glorie aan die regverdiges!”*²⁰⁴

Die Hebreeuse woord waarvan “son” in hierdie gedeelte vertaal is, is *oor*,²⁰⁵ wat “vuur” of “vlam”, beteken. Hierdie woord kan ook “ligte” beteken. Ongelukkig gebruik baie vertalings die woord verkeerdelik as “die ooste”; omdat die son in die ooste opkom. Om die vers te balanseer, vertaal hulle die gedeelte “einde van die aarde” verkeerd met “weste”. Maar, soos ons gesien het, was Ierland bekend as *die land ver weg*, en deur die Romeine as *Ultima Thule*, wat soos ons gesien het, “die boonste gedeelte (of einde) van die aarde”, beteken. As die Britse Eilande so beskryf kan word, kan die titel nog meer vir Ysland geld. Interessant genoeg het ridder Richard Burton 'n groot werk van twee volumes geskryf en dit “**Ultima Thule**” genoem. Die werk handel oor Ysland en beskryf ook Ysland as “die Kanaän van die Noorde”.

As die fakkel van Benjamin besig is om te val en die res van IsraEl haar help, om haar arms sterk te maak deur die tussenkoms van JaHWeH van die skeppingsleërmag, en om hulp te soek om haar sig terug te kry, sal hierdie Skrifgedeelte in Jesaja nie vervul word wanneer die Yslanders, in blye aanbidding en uitbundigheid, met blydschap skree wanneer hulle blindheid van hulle oë verwyder word nie; sodat hulle kan sien dat hulle die IsraEl van Elohim is, wanneer hulle weer eens die Verbond deur die Messias inkom; en hulle weer opstaan om hulle Geestelik aangestelde doel te vervul – om die lig van Juda en van die hele IsraEl te wees nie; om die weg te baan vir die Wederkoms van die Messias? Laat ons tot die hulp van ons broers kom. Laat ons prysgee wat ons kan om die Waarheid in hulle hande te kry en laat ons bid dat hulle harte weer sal brand, aangeroe deur die Vlam van JaHWeH van die Skeppingsleërmagte, ons Elohim wat 'n Verterende Vuur is.²⁰⁶

203 1 Petrus 2:9.
 204 Jesaja 24:14-16; “English Bible” vertaling
 205 #217. Interessant genoeg, die meervoud vir die woord *oor* is #224, *oo-reem*; wat as *urim* vertaal is (wat die apparaat was wat die Hoë Priester gebruik het).



Swede.

Die Koninkryk van Swede (*Konungariket Sverige*) dateer terug na die 9de eeu. Die vlag van Swede dateer terug na 1448. Afsonderlike provinsies van Swede het ook die volgende simbole: bul, hert, eland, man, vis, arend en griffioen (grypvoël),²⁰⁷ wat twee verskillende stamme van IsraEl kan simboliseer.

Die leeu op die wapenskild dateer terug na 1200. Die embleem van die drie krone (wat Swede, Gote en Wendies verteenwoordig) dateer terug na 1364. Die hart skild,²⁰⁸ wat die Vasa vorstehuis²⁰⁹ en die opvolger Bernadottes²¹⁰ verteenwoordig, bevat 'n silwer kruik (of kelk), 'n goue arend met silwer sterre en 'n silwer twee-toring kasteel. Die kraag (van die Orde van die Serafs²¹¹) wat aan die onderkant van die skild hang, bestaan uit dubbel kruise (van Litaue) en Gérubs.²¹² Soos ander nasies, bevat die wapenskild van Swede golwende lyne wat die see verteenwoordig. Uit die kruik of kelk (tesame met ander faktore) blyk dit dat Swede uitgewys kan word dat hulle die stam van Aser verteenwoordig, aan wie gesê is om vet (ryk) te wees en koninklike lekkernye te lewer,²¹³ waarby wyn ook ingesluit is. Daar is geprofeteer dat die stam van Aser by die kus sou woon en in sy baaie sou bly.²¹⁴ Die **“Moffatt, Smith/Goodspeed”**, en **“Moulton”** Vertalings, vertaal die woord **“baaie”** as

206 Sien **Jesaja 10:17; 40:3; Jeremia 20:9; Obadja 1:18; Lukas 24:32; Hebreërs 12:29.**

207 'n Skepsel wat se boonste helfte 'n arend is en die onderste helfte 'n leeu.

208 Die kleiner skild in die middel en bo-op die hoofskild geplaas.

209 Sigismund Vasa III was 'n Sweedse Prins wat 'n Sweedse vader (Johannes III) en 'n Litause moeder (Catherine, suster van Sigismund II (Zhygimantas II) van die Litause Jageillo vorstehuis) gehad het. In om-en-by 1590 was Sigismund Vasa III die Koning van Swede, Pole en die Groot Hertog van Litaue.

210 Die vorstehuis van Napoleon se bekende Maarskalk.

211 Hierdie is wesens wat in **Jesaja 6:2-6** genoem is, wat die vier Brigades van IsraEl verteenwoordig (sien **Eségiel 1:5-11; 10:1-22; Openbaring 4:6-9**)

212 Die Gérub in die Skrif lyk amper soos die Serafyn. Volgens die Skrif was die Gérubyn standbeelde wat oor die Versoeningsdeksel van die Verbondsark waggehou het - (**Exodus 25:17-20**). *“Unger’s Bible Dictionary”* verbind die Gérubyn met die simbool van die Grypvoël. Die Gérubyn kan ook 'n orde van Engele wees, want Elohim het 'n Gérub met 'n swaard wat vlam en flikker, op die grens van die Tuin van Eden geplaas nadat Hy Adam en Eva uitgedryf het - (**Génesis 3:22-24**).

“spruite” (creeks). Moffatt vertaal dit as “clinging to his creeks”. Die Hebreuse woord wat vir “baaie” gebruik word, is *mif-rawts*²¹⁵ wat “’n breek in die kus, ’n hawe of breuk” beteken; dit kom van #6555 *paw-rats*²¹⁶ wat “om uit (of oorsee) te bars (of breek), te versprei, verstrooi, groei, vermeerder”, beteken. Dit is bekend dat die Swede oral langs die kuslyne van die wêreld geseil het en die Danube en ander riviere genavigeer het om baie Koninkryke te verslaan en te vestig. Hulle het egter altyd hulle vaderland na aan hulle harte gehou, wat ’n blywende vorstehuis gebly het en wat die vernaamste van die Skandinawiese Koninkryke is.

Die Golf van Botnië bokant Swede, was oorspronklik die *Kodanus* See genoem. Die Normandiese Skool hou vol dat die Sweedse Wikings die ware Russiese Koninkryk in die Negende en Tiende Eeue met sy hoofstad van Novgorod gestig het en wat deur die Noormanne, Holmgård genoem is. Die eerste heersers van Kiev was Skandinawiërs. Die vreeslose Sweedse Wikings het wilde en onbekende waters deur Skitië getrotseer en in die Swart en Kaspiese See gevaar.

Die Sweedse Rus en die Normandiërs het ook van die sterkste en vernaamste huurmagte ooit opgelewer, naamlik die Varangiaanse Wag. Die bekendste hiervan was die agt seuns van Tancred de Hauteville (’n onbekende Noorse Ridder) wat die Koninkryk van Sicilië en Suid-Italië gestig het – wat deur baie as die grootste Koninkryk van sy tyd bestempel is. Die Normandiërs het ook die Koninkryk in Frankryk gevestig wat hulle naam dra – Normandië – wat die wegspringplek vir Willem die Verowenaar in sy verowering van Engeland was.

Dit moet weer eens uitgewys word dat al hierdie Europese volke nou aan mekaar verwant is. Die Eilande van Engeland, Skotland en Ierland is met Wi king bloed gevul, net soos die Skandinawiese lande, wat tot ’n mindere mate, mense met Keltiese en Saksiese bloed het. **Tacitus** beskryf die Duitsers as ’n suiwer en homogene ras. In “**The Racial History of Scandinavia: An Outline**”,²¹⁷ vertel Bertil J. Lundman, Ph.D. dat Duitse immigrasie na Swede tot in die agtiende eeu voortgeduur het en dat meer as een derde van die adelstand Duitse bloed gehad het. Al die Koningshuise van Europa was so ondertrou dat die Keisers beweer het dat elke vorstehuis van Europa met ’n Russiese prinses getroud was. Verder meld **Lundman** ook: “... hierdie ou Noordlanders was ooglopend sterk ras-bewus, teenoor uitlanders (wat nou in hulle midde ingebring is), asook teenoor die ou ras oorblyfsels in die Noorde self. Net

213 Génesis 49:20.

214 Rigters 5:17.

215 #4664

216 #6555

217 Oorspronklik is Sweeds, vertaal vanaf Duits deur George Classen en herdruk deur “*The International Association For The Advancement of Ethnology And Eugenics*” (New York, NY), as ’n herdruk vanaf “*The Mankind Quarterly*”, Vol III, No. 2 Okt-Des 1962.

blonde hare en ligte oë was as pragtig beskou – “illug ok swart”, “gevaarlik en swart”, was die algemene gesegde. Breë, plat gesigte en neuse was as lelik beskou en ook, in ‘n mindere mate, skerp gebuigde neuse ... Ek was veral verras deur die onverwagse sterk verband tussen inheemse skoonheid en ligte kleur en dikwels tussen grootmoedigheid en smal koppe.” Lundman het ook gewys dat “die mees bekwame van die onlangse migrante [na Swede] gewoonlik intelligente vlugteling van die klein Baltiese nasies is.”

Sedert hul vroegste verteenwoordigers, tot hul mees moderne nasies, is die Skandinawiërs as goed, eerlik, hardwerkend, met ‘n sterk liefde vir geregtigheid, regverdigheid en dapperheid beskryf. Hulle was herders van skape en beeste. Hulle het skinderbekke verafsku en was mense van min woorde. Daar is ook geskryf dat tussen die Wikings, die **handsala**, ‘n kragtige slaan van oop handpalms, ‘n teken van ‘n ooreenkoms in handel en ander transaksies was. Dit was so goed soos ‘n handtekening. Hierdie praktyk word nog in party dorpe in Engeland voortgesit (soos in York), asook in Frankryk en in ander plekke met ‘n ryke Noorse afkoms. Die slaan van oop hande was ‘n algemene praktyk tussen die ou Semiete, Hebreërs en IsraEliete.²¹⁸



Denemarke.

Die Koninkryk van Denemarke (*Konigeriget Danmark*) is amper 1200 jaar oud. Denemarke se Vlag, die *Dannebrog* beteken, “**Dan se kleed**” en dateer terug na die vroeë 1200’s. Die Wapenschild van Denemarke bevat twee manne wat oor die skild waghou en dit vashou, met eikeblaar louriere en lendedoeke. In die vier kwadrante, bevat die hoofskild kloksgewys van links bo: drie blou, ge kroonde leeus (twaalfde eeu se staatseembleem); twee blou leeus (Schleswig);

218 Sien **Job 17:3; Spreuke 17:18; 22:26**. Die Hebreuse woord vir “*slaan*”, is #8628, *taw-kah* wat beteken om “*die hande teenmekaar te slaan*”; by implikasie, “*om knegte te word deur handedruk*”.

een blou leeu met rooi harte (heerser van Wends) en 'n gevleuelde draak²¹⁹ (heerskappy oor die Gote); ook drie goue krone (eenheid van Denemarke, Noorweë en Swede), 'n ram (Faeroes), 'n ysbeer (Groenland), en daar was veronderstel om 'n valk (Ysland) te wees. Die skild in die middel bevat 'n silwer brandnetel (distel?) skild (Holstein), 'n silwer swaan (Stormarn), 'n goue perdekop (Lauenburg), en 'n goud geharnasde ridder op 'n wit perd (Ditmarsh); die hartvormige skild bevat goue en rooi strepe (Oldenburg) en 'n goue kruis (Delmenhorst).

Uit die geskiedenis het ons gesien dat die Griekse IsraEliete, Griekeland verlaat het en hulle in Denemarke gevestig het. In sy vertaling van **Saxo Grammaticus** vertel **Jorgen Girik** dat twee broers, Angel en Dan, hulle in Denemarke kom vestig het en dat sommige van Angel se afstammeling toe na Engeland getrek het - (Vol. 1, bl. 66, 67). Die bekende Engelse kerk historikus, **Agbare Bede** (672-735 n.M.), bevestig dit. In "**The Vikings**" vertoon **La Fay** volkleur foto's van 'n Wiking-begraafplaas in Jelling, Denemarke, waar verskeie klipmonumente staan, waarvan een 'n Runiese inskrywing op het wat sê: "**Danmark**". **Jørn Bie**, 'n kenner op dié klippe, sê dat die klip "**Denemarke se geboorte sertifikaat**" is (bl. 64, 65). Een van die ou volksverhale van die Skandinawiërs, **Heimskringla**, wat die geskiedenis en stambome van sommige van die vernaamste manne en konings van Denemarke in besonderhede bevat, beteken "**Die Sfeer van die Wêreld**". Ons het gesien dat die septer en koninklike embleme, simbole van Elohim se Gelofte aan koning Dawid is. Hierdie boek se titel en inhoud is baie betekenisvol. **Heimskringla** is deur **Snorri Sturluson**, die groot Yslandse digter, historikus en staatsman, wat in 1241 gesterf het, geskryf. In hierdie boek vertel hy van die heldedade van Harald Hardrada:

The King's sharp sword lies clean and bright,
 Prepared in foreign lands to fight:
 Our ravens croak to have their fill,
 The wolf howls from the distant hill.
 Our brave King is to Russia gone –
 Braver than he on earth there's none:
 His sharp sword will carve many a feast
 To wolf and raven in the East. [skuinsdruk myne]

Soos ons gesien het, het Elohim voorspel dat Benjamin 'n wolf is wat "**verskeur; in die môre eet hy sy prooi**".²²⁰ Aangesien die son in die oggend in die Ooste opkom, lyk dit asof daar 'n vergelyking is.

219 Die gevleuelde draak is 'n wese wat se boonste helfde 'n draak is en onderste helfde 'n slang is. Hierdie lyk weer soos 'n kombinasie van talle IsraEl simbole. Die verse in Spreuke praat nie van die slaan van die hande nie; maar dit sê om dit nie onverstandig te doen om iemand ander se skuld te aanvaar nie; met ander woorde, **Spreuke 11:15** sê dat as hy borg vir 'n vreemdeling staan, hy dit sal berou. Die feit dat om hande te slaan beteken om 'n kneg te word, beteken dat hierdie net tussen broeders gedoen moet word; want IsraEliete is beveel om nie verbonde te maak of om onder slawerny of heerskappy van 'n vreemdeling te kom nie.

In "***Judah's Scepter and Joseph's Birthright***" (1902), wys **J.H. Allen** dat 'n Deense boer en sy dogter kort voor 1650 n.M., besig was om te ploeg toe hulle iets helder en skitterend tussen die grond uitploeg. By nadere ondersoek het hulle gesien dat dit 'n goue trompet was, wat met 'n lelie en 'n granaat versier is. Dit is toe na die owerhede geneem en daar was sonder twyfel bewys dat dit een van die *Sewe Goue Trompette* was wat in Jerusalem by die Tempel Altaar-dienste gebruik is. Hierdie trompet is in die Nasionale Museum in Kopenhagen (bl. 265).

Sommige van die simbole van die provinsies van Denemarke is kastele, leeus, bome, bulle, perde, skepe, water, horings, arende, koring, (olywe?) takke, mane en sterre.



Finland.



Die Wapenschild van Finland is in die sestiende eeu deur **Koning Johan III** ontwerp nadat dit die Groothertogdom geword het (wat voorheen gesamentlik met Swede geheers het vir oor die vier-honderd jaar). Die vlag was oorspronklik dieselfde as die wapenschild. Finland is tot 1919 deur die Tsare van Rusland regeer (tot met die val van die Russiese Ryk en die sluipmoord op die Tsaar en sy hele gesin deur die Joods-Kommunistiese Bolsjewiste). Finland het toe 'n onafhanklike Republiek geword (*Suomen Tasavalta*). Finland se Vlag en Wapenschild het oorspronklik 'n donkerrooi skild gehad, maar hulle het dit later laat vaar om enige foutiewe verbintenis met die Bolsjewiste, wat later die kleur van bloed aangeneem het waarop hulle despotiese dinastie gestig is, uit die weg te ruim. Die nege silwer rose simboliseer die nege oorspronklike provinsies wat Finland gevorm het. Die leeu wat op die Russiese kromswaard trap, simboliseer die begeerte om vry en onafhanklik te bly.

HOOFSTUK 12

Verskeie ander lande.

Baltiese State en Ware Rusland.



Litaue

Die gewapende en geharnasde ridder op die wit perd (wat die *Vytis*²²¹ genoem word) is 'n simbool van Litaue (*Lietuva*) wat na die vroeë 1200's terug dateer en is die enigste van sy soort in Europese heraldiek. Die dubbelkruis (genoem die *Vytis Kruis*) simboliseer die bymekaarkom van 'n kruis en 'n swaard (die onderste dwarsbalk verteenwoordig die swaard se handvatse). In sy volle wapenschild is twee spiese, elkeen met die Litause vlag daaraan, agter die skild gekruis en die skild is met 'n kroon en eikehout blare afgerond. Sedert antieke tye was die vlag van Litaue dieselfde as die wapenschild: 'n Rooi vlag met 'n wit perd. Die moderne vlag met drie gelyke horisontale strepe van geel, groen en rooi, is in 1918 aangeneem.

Die yster Wolf (*vilkas*) en die kasteel met torings²²² (van Gediminis), is ook twee hoofsimbole van Litaue. Volgens Professor Ehret in "*Lithuania: The European Adam*", is die Litause woord *vilkas* (wolf) taalkundig verwant aan die Indo-Europese stam *welk*, wat 'om weg te sleep' beteken. Dit is 'n dier wat sy prooi wegsleep (bl. 24). Soos ons gesien het, het Elohim gesê dat Benjamin soos 'n wolf sou plunder. Die woord "*plunder*"²²³ beteken in Hebreeus "om

221 Later Yytis genoem, tot eer van Groothertog Vytautas (1350-1430), 'n buitengewone militêre leier onder wie se heerskappy Litaue sy goue era bereik het.

222 Wat heendaags as 'n drie-toring simbool verteenwoordig word.

af te pluk” of om “in stukke te trek”.

Ander simbole van sekere provinsies van Litaue is: Bulle, weegskale, 'n leeu, 'n arend, 'n gewapende soldaat met 'n strydbyl, skepe, St. George op 'n perd wat die draak doodmaak, 'n engel met 'n swaard, 'n takbok, koring, 'n vis, lelies, kastele en kasteelhekke, swaarde, spiese en skilde. Die Wapenskild (ongeveer 1434) van die Groothertog Ladislas van Litaue (Koning Wladislaus van Pole), toe die twee lande saam was, het die volgende simbole op die skilde bevat: 'n Man se gesig, 'n leeu, 'n griffioen, 'n bul se kop, arende, Vytis, en sterre en strepe. Die Kongres van Groothertog Aleksandras (ongeveer 1500) het Litause kruise, 'n kasteel en torings van Gediminis, arende, leeus, Vytises, skape, griffioene, 'n son, bulkoppe, takbokke en sterre en strepe bevat.

Die Litauers is direkte afstammeling van die Skittiërs. Tacitus het in die eerste eeu n.M. en Herodotus in die vyfde eeu n.M. na die Litauers as **Aistii** (*Aestiorum gentes*) verwys, wat 'edelmense', beteken. Hulle is so genoem omdat hulle hul bure hoog gerespekteer het. Die Litauers²²⁴ was eers in 1009 n.M. in die *Annals Quedlinburgenses* so genoem. Die regte Litauers van vandag was heel waarskynlik stamme van Aukštaiciai en Žemaičiai (Samogitiërs). Sommige kenners glo ook dat die ou Alane en Herule, Litauers was. In 1434, onder Groothertog Vytautas, was die Litause Koninkryk so groot dat dit oor Pole, die Oekraïne, Roemenië, Pruise, die Oos-Baltiese Kus en al die pad na Moskou, tot by die Swart See geheers het. Dit het 350,000 vierkante myl beslaan; terwyl die Litauers net 10% van die bevolking van die area waar hulle geheers het, uitgemaak het.

Letland.

Die Lette is 'n stam van Litauers. Die simbole van die Wapenskild van Letland (*Latvija*) is leeus, griffioene, die son en sterre en eikehout takke. Die streke van Letland en Estland was tussen die negende en vyftiende eeue as Lyfland bekend; so genoem na die Lyflandse Ridders ('n primêre Teutoonse Orde) wie die naam van die Lyflanders geneem het ('n Fins-Oegriese stam soos die Estlanders) wie vroeë inwoners van die streek was. Die ou Letlanders het geglo dat hulle seuns en dogters van die son was. Hulle geskiedenis wys 'n

223 **Génesis 49:27; #2963, 'aw-raf'.**

224 Litaue het 'n merkwaardige geskiedenis wat nie in algemene opvoeding genoem word nie. "Sacred Truth Ministries" se boek, "*The Lithuanians: The Overlooked Nordic Tribe*" sal hopelik hierdie jaar gereed wees (1994). Hierdie boek sal die fassinerende en roerende geskiedenis van Litaue bevat; die Litause ras-tipe; 'n verduideliking van die Litause taal (gebaseer is op die taalkundige eienskappe - persoonlik glo ek dat dit dalk die taal is wat Adam en Eva in die Tuin van Eden gepraat het) en vele meer.

merkwaardige geskiedenis van militêre vernuf. Die hoof van die Letlandse familie was die vader wat ook as hoogregter en priester ingestaan het. Die eikehout boom was as die tuiste van die siele van die voorvaders gesien. Ou Letlandse heidendom vertel van 'n groot vloed van die wêreld. Die heidense Letlanders het nie afgode aanbid nie, maar het in 'n elohim en die geestelike wêreld geglo. Moderne Letlanders is stoere boere met 'n groot lojaliteit vir die tradisies van hulle ras. Tradisionele Letlandse musiekinstrumente is die harp, fluit, trom en doedelsakke. Baie parallele kan dus tussen die Letlanders en die ou IsraEliete gesien word.



Die Ou Pruise.

Die ou Pruise (*Prūsai*) was ook 'n stam van die Litauers; maar as 'n afsonderlike volk is hulle hoofsaaklik uitgewis deur die Ridders van verskeie Ordes. Die oorblywendes was heelwaarskynlik deur Litauë, Duitsland (in Duits Pruise) en Pole geabsorbeer. Daar is tot nou toe baie min historiese inligting beskikbaar oor die Ou Pruise.

Estland.

Die Estlanders self is nie IsraEliete nie, maar is nou verwant aan die Fins-Oegries en Hongaarse-Magjaar volke. Die drie leeus en eikeboom dateer terug na die 13de eeu toe Denemarke die land regeer het. Daar is egter geen

twyfel dat sommige Estlanders in werklikheid Duitsers, Dene, Laplanders/ Litauers of ware Russe is nie.




Wit-Rusland.

Volgens Joseph J. Hertmanowicz in “Historical Outlines on Lithuanian” (1921) is die Wit-Russe afstammeling van die Litauers (die Krivitiërs in besonder) wat hulle Litauerskap verloor het (bl. 27). Die stigting van die Litause Federasie van die Parusniese State, het in die vyfde eeu plaasgevind en het tot die dertiende eeu behoue gebly. Latynse historici het na die stigters van hierdie Federasie – Vaidevutis (Vytautas) en Prutenis (Brutenis) – as *Bo-rusia* verwys. **Byelo** beteken “wit”, maar beteken ook “vry”.

Ongelukkig is Nasionale Simbole van hierdie volk nog nie opgespoor nie.

Oekraïne.

Die woord **Oekraïne** beteken “grensland” of “wegkruipplek”. Die Oekraïners is afstammeling van die ware Russe. Tot die sestiende eeu, was die Russe as *Rus* of soms *Rusniane* bekend. Roetenië was ‘n streek van Wes-Oekraïne, waarvan ‘n deel ‘n provinsie van Tsjeggo-Slowakye uitgemaak het (1918-1939) en was ook **Karpaties-Oekraïne** genoem. Die Wolhiniërs was vanaf die tiende eeu ‘n selfstandige volk in die westelike deel van die huidige Oekraïne. Dit was later tussen Pole (wes) en Litaue (oos) verdeel en het uiteindelik in 1794 deel van Rusland geword.



Die Russiese Ryk.

Die vlag in die middel (bo) is die Russiese Siviele Vlag van 1914-1917. Die kleure was wit, blou en rooi. Die seël is van 1883. Die twee wapenskilde bevat die skilde van Russiese provinsies. Die tweekop arend dateer terug na minstens die laat 1400's. Die simbole in hierdie wapenskilde is krone, 'n aardbol, 'n gevleuelde draak, tweekop arende, swaarde, leeus en die septer en sfer (en ander simbole wat ek nie in die verkrygbare afdrukke kan uitmaak nie).

Die Russe was Sweedse Wikings, wat die Groot Dinastie van die ware Russiese Ryk gestig het en wat van die gelowigste heersers wat die wêreld en Europa ooit geken het, voortgebring het – die **Romanov Tsare**. Ongelukkig is die Romanovs stadig een-vir-een vermoor en toe finaal deur die Zionitiese Bolsjewiste uitgemoor; want die gelowige Romanovs het in die pad van die Joodse Bolsjewiste gestaan.

Sentraal Europa.

Duitsland.

Die Arend is sedert die Negende Eeu die Nasionale Simbool van Duitsland. Soms was die arend tweekoppig om die koninklike en die imperiale adel te simboliseer. Duitsland se vlag, wat uit swart, rooi en goue horisontale strepe van gelyke grote bestaan; was oorspronklik swart, wit en rooi – soos deur Prins Bismark voorgelê is. Soms was die arend op 'n goue skild ook op die

vlag ingesluit.



Die vlag (bo-links) met die wit perd is van Neder-Sakse. Die vlag (regs) met die twee leeus en die kasteel, is van Hamburg. Die seël (links) met die leeus, arende en kruis, is van die Saar. Die muntstuk (regs) van Nassau, dateer uit 1847 en bevat 'n leeu op 'n skild met twee leeus wat dit vashou. Ander provinsies in Duitsland het soortgelyke simbole.



Duitser Pruise.

Die wapenskild links is die van die Koning van Pruise in 1701. Die in die middel is sy volle wapenskild en die provinsies waaroor hy later geheers het. Die arend aan die regterkant is die wapenskild van die Provinsie van Brandenburg.



België.

Die leuse op die Belgiese Wapenschild is in beide Frans “*L’Union Fait La Force*” en Vlaams (’n Nederlandse taal) “*Eendracht Maakt Macht*” geskryf en albei beteken: **Eenheid maak mag**. Na onafhanklikheidswording in 1830, is die leeu as die amptelike Nasionale Simbool gekies (al het dit nie-amptelik betaan nie). Die vlae bo die baldakyn is die vlae van die Belgiese provinsies; die meeste bevat leeus, maar daar is ook ’n paar arende, twee-kop arende en kastele. Die band wat die skild omsirkel, is die Orde van Leopold. Die simbool van die haan aan die linkerkant is van Wallonië en die leeu aan die regterkant is die simbool van Vlaandere.



Nederlande (Holland).

Die Franse leuse op die Koninkryk van Nederland (*Koninkrijk der Nederlanden*) se wapenschild “*Je M’entendrai*” beteken, **Ek Sal Handhaaf**. Die Wap-

enskild is amptelik in 1815 aanvaar. Die leeu op die skild het 'n bondel van sewe pyle in die een poot en 'n swaard in die ander. Die eenhoringperd is ook 'n ou simbool van Nederland, so ook die skip. Holland se Staatskip (1579) het 'n skip met die Bybel op die boeg, 7 pyle op die seil en sewe skilde (een vir elke provinsie) met leeus en ander simbole op hulle. Die vlag by die kraaines is óf 'n draak, óf 'n griffioen. Die skip se seile bevat die leuse van Nederland, sowel as die Nederlandse weergawe van die Belgiese leuse, **“Eendracht Maakte Macht”**. Die ou Nederlandse visserseël het ook 'n skip met 'n leeu as die kaptein, wat twee septers vashou. Die ou wapenskild van Hoorn (ongeveer 1630) was van 'n horing wat deur 'n leeu en 'n eenhoringperd ondersteun word. In **“Symbols of Our Celto-Saxon Heritage”** vertel Bennet van 'n inskripsie op 'n gedenkplaat wat 'n ou huis in Hoorn versier het wat die oorwinning oor die aanvallende Spaanse magte in 1573 gevier het. Dit lui: *“O, blye tye, O pronkerige goue boodskap. Almal wat dit onthou, moet juig: Die land sidder en beef, die vyand kom nader, met die hulp van Amalek wil hy die hele IsraEl vernietig.”* (bl. 149). Dit is moontlik dat die Spanjaarde by die Moore aangesluit het om Holland aan te val. Sekere provinsies van die Nederlande het ook die tweekop arend as simbool.



Luxembourg

Luxemburg.

Die Groothertogdom en Grondwetlike Monargie van Luxemburg (wat Frankryk, België en Duitsland inhoek, en wat 999 vierkante myl beslaan) is in die 900's n.M. gevestig. Die Nasionale Wapenskild dateer terug na die 13de eeu, toe Luxemburg die vorstedom van die Roomse Ryk was. In 1308 het sy heersende Graaf, Keiser Henry VII geword. Henry VII se seun was John van Luxemburg, wie die Koning van Boheme was. John se seun, Charles IV het Luxemburg in 1354 tot 'n Groothertogdom verhoog.

In die Nasionale Wapenskild (bo), is die band wat die skild omsingel die Groot Band van die Orde van die Eikehout Kroon. Luxemburg is *Letzeburg* in *Letzeburgesch* genoem, die lae Duitse dialek wat die letterkundige taal is (die amptelike taal is Frans). Die Hertog Wapenskild bevat 'n skild met 'n leeu in elke kwadrant; die regter-boonste en linker-onderste, wat identies is aan die skild van die Nasionale Wapenskild ('n rooi, gekroonde leeu op 'n veld van tien wit en blou strepe). Die ander twee is rooi, gekroonde leeus op 'n blou veld met sewe goue stawe rondom die leeu. Net soos IsraEl van ouds, is hulle skild in vier verdeel. Hulle het twaalf territoriale gebiede (soos Ysland) wat in vier kies-afdelings verdeel is, net soos die twaalf stamme van IsraEl in vier Brigades verdeel is.




Liechtenstein

Liechtenstein.

Die Liechtenstein-familie, wat vanaf die twaalfde eeu dateer, het in die besit twee voormalige leners van die Roomse Ryk gekom - Schellenberg en Vaduz, onderskeidelik in 1699 en 1712. In 1719, deur bevel van Keiser Karl VI, was die twee heerskappye bymekaar gelas om die **Vorstedom van Liechtenstein** te vorm, wat in die Alpe tussen Switserland en Oostenryk geleë is. Liechtenstein beslaan 62 vierkante myl en die hoofstad is **Vaduz**.

Die wapenskild bevat 'n gekroonde arend in die linker-boonste kwadrant (Silesia); die regter-boonste is 'n deel van die "*kroon van wynruit*": 'n deel van die blarekrans (Sakse). Die grypvoël ('n kombinasie van 'n arend en 'n vrou

